

Die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders

Daleen Luyt

24828459

BA Hons (MW) (UP)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK
FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE
van die
NOORDWES-UNIVERSITEIT
(POTCHEFSTROOMKAMPUS)

Studieleier: Prof Corinne Strydom

April 2015

Opgedra aan my twee seuns

Johan en Bertiean

Vir al julle liefde en ondersteuning -

ek is oneindig lief vir julle!

DANKBETUIGINGS

My oopregte dank aan:

- My Hemelse Vader vir onverdiende genade, krag en deursettingsvermoë om hierdie taak te kon afhandel.
- Dr Sufran Smith vir die teoretiese grondslag en kundige leiding tydens die kursus.
- Professor Corinne Strydom vir kundige studieleiding, eindeloze geduld en kosbare tyd waarvan ek voortdurend verseker was. Dit was 'n voorreg om onder haar leiding die studie te kon afhandel.
- MnR Nestus Venter vir al sy moeite en hulp met die verkryging van gesikte inligting en bronne.
- Die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroomkampus, vir die toestemming en die geleentheid om die navorsing te kon uitvoer.
- Aan al die deelnemers – vir hul bereidwilligheid om deel te neem aan die studie en vir hul waardevolle insette.
- My twee seuns, Johan en Bertiaan en my man, Berning vir hul ondersteuning en aanmoediging.
- My familie, vriende en kollegas – vir julle belangstelling en ondersteuning.
- Me Cecilia van der Walt vir puik taalversorging van die skripsie.

INHOUDSOPGawe

DANKBETUIGINGS	ii
INHOUDSOPGawe	iii
OPSOMMING	v
ABSTRACT.....	vii
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	ix
VOORWOORD	xi
PLEGTIGE VERKLARING	xii
DIE PSIGOSOSIALE BEHOEFTES VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TYDENS ONDERSOEKE NA SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS	1
1. PROBLEEMSTELLING	1
2. DOELSTELLING.....	6
3. SENTRALE TEORETIESE STELLING	6
4. NAVORSINGSMETODOLOGIE	7
4.1. Literatuurstudie	7
4.2 Empiriese ondersoek.....	8
4.2.1. Navorsingsontwerp.....	8
4.2.2. Navorsingskonteks	9
4.2.3. Deelnemers	10
4.2.4. Data-insamelingsproses	11
4.2.5. Prosedure	12
4.2.6. Data-ontleding	13
4.2.7. Vertrouenswaardigheid	14
4.2.8. Etiese aspekte	17
5. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING	21
6. OMSKRYWING VAN BEGRIFFE	21
6.1. Kind	21
6.2. Maatskaplike werker.....	22
6.3. Psigososiale behoeftes.....	22
6.4. Seksuele misbruik	22
7. NAVORSINGSBEVINDINGE	23
7.1. Profiel van die deelnemers	23

7.1.1.	Dorpe/areas en aantal deelnemers	23
7.1.2.	Ouderdom en geslag	24
7.1.3.	Kwalifikasie en tydperk van werksondervinding.....	25
7.2.	Temas en subtemas	25
7.3.	Bespreking van bevindinge	26
7.3.1.	TEMA 1: ROLVEREISTES.....	27
7.3.2.	TEMA 2: ROLVERWAGTINGE	40
7.3.3.	TEMA 3: EMOSIONELE BEHOEFTES.....	46
7.3.4.	TEMA 4: FISIESE BEHOEFTES	52
7.3.5.	TEMA 5: SOSIALE BEHOEFTES	56
7.3.6.	TEMA 6: KULTURELE BEHOEFTES	61
7.3.7.	TEMA 7: GEESTELIKE BEHOEFTES.....	65
7.3.8.	TEMA 8: ONTWIKKELING EN GROEI VAN MAATSKAPLIKE WERKERS	69
8.	GEVOLGTREKKING.....	71
9.	AANBEVELINGS	73
9.1.	Aanbevelings ten opsigte van die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers .	73
9.2.	Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing.....	73
10.	SAMEVATTING	74
	BIBLIOGAFIE	75
	BYLAAG A: TOESTEMMING	82
	BYLAAG B: CONSENT	86
	BYLAAG C: TOESTEMMINGSVORM	90
	BYLAAG D: CONSENT FORM.....	91
	BYLAAG E: KANTOORHOOF.....	92
	BYLAAG F: ONDERHOUDSKEDULE	95
	BYLAAG G: ETIESE GOEDKEURING	97
	BYLAAG H: TAALVERSORGING	97
	LYS VAN TABELLE	97
	TABEL 1: VERTROUENSWAARDIGHEID	97
	TABEL 2: DORP EN AANTAL DEELNEMERS	97
	TABEL 3: OUDERDOM EN GESLAG	97
	TABEL 4: KWALIFIKASIE EN TYDPERK VAN WERKSONDERVINDING	97
	TABEL 5: TEMAS EN SUBTEMAS	97

OPSOMMING

DIE PSIGOSOSIALE BEHOEFTES VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TYDENS ONDERSOEKE NA SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS

SLEUTELTERME: Kind, Maatskaplike werker, Ondersoek,
Psigososiale behoeftes, Seksuele misbruik

Seksuele misbruik van kinders is 'n komplekse probleem wat verreikende gevolge vir die kind en sy/haar gesin inhou. Dit is 'n kriminele daad van mag en beheer wat 'n impak het op alle mense ongeag ouderdom, ras, kultuur en ekonomiese status (Statistiek, 2014). Die hantering van seksuele misbruik is 'n dienslewervingsveld van Maatskaplike werk, waar maatskaplike werkers wetlik aangewys is om sake van seksuele misbruik van kinders voor die kinderhof te bring en die beweringe dan volgens die Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005) te ondersoek.

Tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders ervaar maatskaplike werkers intense, kragtige gevoelens wat 'n emosionele impak op die maatskaplike werker en sy/haar rolfunksionering het (Cussons, 2011:2). Dit is vir maatskaplike werkers belangrik om oor die nodige kennis, vaardighede en hulpbronne te beskik om dienslewering te vergemaklik (Van Wyk, 2011:65). Die doelstelling van hierdie navorsing is om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te bepaal ten einde die aard van maatskaplike werkers se behoeftes, bewustelike belewenisse en waarneembare gedrag vas te stel.

Die navorsing het die kwalitatiewe benadering gebruik. Die interpreterende beskrywende navorsingsontwerp as navorsingstrategie is benut om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te bepaal. Elf deelnemers het aan die studie deelgeneem en data is ingesamel deur 'n semi-gestruktureerde onderhoud met elke deelnemer individueel te voer. Die kwalitatiewe data is getranskribeer en in temas en sub-temas

geanaliseer deur van 'n koderingsisteem volgens die voorgestelde raamwerk van Tesch (in Creswell, 2009:186) gebruik te maak.

Agt temas is geïdentifiseer, naamlik (1) rolvoreistes, (2) roloverwagtinge, (3) emosionele behoeftes, (4) fisiese behoeftes, (5) sosiale behoeftes, (6) kulturele behoeftes, (7) geestelike behoeftes en (8) ontwikkeling en groei. Hierdie temas is in subtemas en kategorieë ingedeel en aan die hand van toepaslike narratiewe soos uit die onderhoude bekom, bespreek. Die inligting is met literatuur gekontroleer en bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak.

Ondersoek na seksuele misbruik van kinders is hoë-intensiteitsake wat onmiddellike optrede van die maatskaplike werker verg. Daar is bevind dat maatskaplike werkers tydens hul betrokkenheid by hierdie ondersoek sterke behoeftes het aan ontladingsgeleenthede en ondersteuning. Dit blyk dat maatskaplike werkers tydens die hantering van hierdie sake unieke psigosoiale behoeftes ervaar. Indien hierdie behoeftes nie ondervang word nie, kan dit lei tot negatiewe rolfunksionering, beroepstres en selfs uitbranding van hierdie maatskaplike werkers.

Die volgende aanbevelings is gemaak na aanleiding van die gevolgtrekkings, naamlik dat:

- ondersteuningswerkgroepes aangebied moet word as ontladingsgeleenthede;
- streshanteringswerkgroepes deur organisasies aangebied moet word;
- seksuele misbruik as spesialiteitsveld beskou moet word;
- maatskaplike werkers opgelei moet word as saakbestuurders van hierdie sake;
- professionele rolspelers wat by hierdie sake betrokke is, deur middel van werkswinkels opgelei moet word ten opsigte van hul eie en ander se verpligtinge;
- hulpbronne gewerf en verkry moet word.

ABSTRACT

THE PSYCHOSOCIAL NEEDS OF SOCIAL WORKERS DURING THE PROCESS OF INVESTIGATING CHILD SEXUAL ABUSE

KEYWORDS: Child, Social worker, Investigation,
Psychosocial needs, Sexual Abuse

Sexual abuse of children is a complex problem that holds far-reaching consequences for the child and his / her family. It is a criminal act of power and control that has an impact on all people regardless of age, race, culture and economic status (Statistics, 2014). The handling of sexual abuse is a service field of social work in which social workers are designated by law to investigate cases of sexual abuse of children and the allegations thereof, according to the Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005).

During investigations into child sexual abuse social workers experience intense, powerful feelings that have an emotional impact on the social worker and his / her role functioning (Cussons, 2011:2). It is important for social workers to possess the necessary knowledge, skills and resources to facilitate service delivery (Van Wyk, 2011:65). The objective of this research was to determine the psychosocial needs of social workers during investigations into child sexual abuse in order to establish the nature of social workers' needs, conscious experiences and observable behaviour.

The researcher used the qualitative approach. The interpretive descriptive research design as a research strategy was used to determine the psychosocial needs of social workers during investigations into child sexual abuse. Eleven participants took part in the study and data was collected by means of semi-structured interviews with each participant individually. The qualitative data were transcribed into themes and sub-themes to be analysed by a coding system according to the proposed framework of Tesch (in Creswell, 2009:186).

Eight themes were identified: (1) role requirements, (2) role expectations, (3) emotional needs, (4) physical needs, (5) social needs, (6) cultural needs, (7) spiritual needs and (8) development and growth. These themes were divided into sub-themes and categories, and appropriate narratives as discussed in the interviews. The information was checked with literature and some conclusions and recommendations were made.

Investigations into child sexual abuse are high-intensity cases which require immediate action from social workers. It was found that social workers experienced a strong demand for debriefing and support during their involvement with these investigations. It seems that social workers dealing with these cases experience unique psychosocial needs. If these needs are not addressed, it can lead to negative role functioning, occupational stress and even burnout of these social workers.

The following recommendations can be made, namely that:

- support working groups be presented for debriefing opportunities;
- organizations establish working groups that focus on stress;
- child sexual abuse be seen as a speciality field;
- social workers be trained as case managers of the investigation into child sexual abuse;
- professional role-players involved be trained through workshops in respect of their own and others' obligations;
- resources be recruited and obtained.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Social Work / Maatskaplike Werk is 'n nasionaal geakkrediteerde vaktydskrif. Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige veld van Maatskaplike Werk.

Die volgende standaarde word gestel vir die publisering van bydraes:

- Artikels mag in Afrikaans of Engels voorgelê word.
- 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie moet die artikel vergesel.
- Bydraes word krities deur twee keurders beoordeel. Hierdie beoordeling en keurders se identiteite is streng vertroulik.
- Manuskripte word aan oueurs teruggestuur indien ingrypende hersiening vereis word of as die styl nie met die tydskrif se standaard ooreenstem nie.
- Artikels van minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie.
- 'n Disket met die teks, verkieslik in Windows MS Word, moet die hele manuskrip asook twee afskrifte van die manuskrip vergesel.
- Manuskripte moet in 12 pt "Times New Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4 bladsy getik word.
- Indien moontlik moet die manuskrip per e-pos aan hsu@sun.ac.za versend word.
- Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied.
- Verwysings in teks:
 - As woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die oueur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakkies in die teks verskyn, bv. “...” (Berger, 1967:1)
 - Bronverwysings: Bronne moet alfabeties volgens vanne van die oueurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif “Bibliografie” verskyn.

The Editor / Die Redakteur
Social Work / Maatskaplike Werk
Private Bag X 1 / Privaatsak X 1
7602 Matieland
South Africa / Suid-Afrika

VOORWOORD

Hierdie manuskrip word in artikel formaat voorgelê en is ooreenkomsdig Regulasie A.7.2.5 van Jaarboek 2013 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aangebied.

Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk / Social Work. Vir doeleindes van eksaminering word 'n meer volledige artikel voorgehou en word die manuskrip getik in 12 pt Arial dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4 bladsy. Die artikel verskil dus van die tydskrifvereistes ten opsigte van 12 pt "Times New Roman".

Die artikel beslaan 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die kursus Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.

PLEGTIGE VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Daleen Luyt, dat hierdie artikel getitel “Die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders” my eie werk is.

Ek verklaar ook dat alle bronne en verwysings waarvan gebruik gemaak of aangehaal is deur my deur middel van gestandaardiseerde verwysingstegnieke aangedui en erken is.

Handtekening Datum

DIE PSIGOSOSIALE BEHOEFTES VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TYDENS ONDERSOEKE NA SEKSUELE MISBRUIK VAN KINDERS

Daleen Luyt, Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Professor Corinne Strydom, dosent verbonde aan die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

1. PROBLEEMSTELLING

Seksuele geweld is 'n kriminele daad van mag en beheer wat 'n impak het op alle mense, ongeag ouderdom, ras, kultuur of ekonomiese status (Statistiek, 2014). Seksuele misbruik van kinders is 'n brutale vorm van kindermishandeling en is 'n komplekse probleem wat wêreldwyd voorkom. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het die totale getal aanmeldings van seksuele misdaad teen kinders onder die ouderdom van 18 jaar vir die afgelope vyf jaar van 25,428 af tot 28,128 gestyg (Van Heerden, 2013:7). Suid-Afrika beskik oor die hoogste getalle van seksuele misbruik van babas en kinders in die wêreld (Statistiek, 2014). Maatskaplike werkers en aanverwante dissiplines poog om spesialiskennis oor hierdie verskynsel in te win om kinders wat hierdeur geraak word toepaslik te beskerm (Botha, 2010:3; Fouché, 2007:1; Spies, 2006:44; Wilson, 2006:1).

Die term *seksuele misbruik* word in die literatuur soos volg definieer: Berliner (2011:215) noem dat seksuele misbruik van kinders seksuele penetrasie, seksuele aanraking sowel as nie-kontak seksuele aksies soos blootstelling en voyeurisme, insluit. Die wetlike definisie van seksuele misbruik soos weergegee in die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) Wet 32 van 2007 (SA, 2007:13) is die situasie waarin enige persoon 'n kind ('n persoon onder die ouderdom van 18 jaar), met of sonder die toestemming van die kind, by 'n seksuele daad betrek. 'n Seksuele daad word omskryf as seksuele penetrasie of seksuele skending of

ontering. Seksuele misdade teenoor kinders bring emosionele trauma en dikwels ook fisiese beserings vir die kind mee. Die impak van seksuele misbruik het verreikende gevolge vir die kind, die familie en die gemeenskap en daarom is maatskaplike ingryping van die uiterste belang (Boezaart, 2009:523; Fouché, 2007:109; Meuter, 2011:2).

Maatskaplike werk is 'n professie met 'n verskeidenheid van diensleweringsvelde. Die hantering van seksuele misbruik sluit een van die diensleweringsvelde in. Volgens Van Wyk (2011:61) is ondersoeke na seksuele misbruik van kinders intellektueel en emosioneel uitdagend en verg verskeie vaardighede. Die outeur is verder van mening dat hierdie werkers 'n laer vlak van werkstevredenheid en hoër vlakke van stres ervaar. Seksuele misbruik van kinders word volgens die Maatskaplikewerk-professie vanuit twee kontekste hanteer. Ten eerste word daar van opgeleide maatskaplike werkers wat die praktyk betree, verwag om seksuele misbruik van kinders as komplekse probleem te hanteer (Fouché, 2007:3). Maatskaplike werkers is reeds van die vroegste tye af statutêre funksies opgelê en daar word van hulle verwag om as getuies in die hof op te tree sowel as bevindinge, gevolgtrekkings en ook aanbevelings oor 'n betrokke kind se bepaalde omstandighede aan die hof voor te lê (Meuter, 2011:3; Spies & Carstens, 2005:29). Maatskaplike werkers is wetlik aangewys om sake van seksuele misbruik van kinders voor die kinderhof te bring en die beweringe dan volgens die Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005), te ondersoek. Hierdie maatskaplike werkers se hoofdoel en verantwoordelikheid is om die kind te beskerm.

Tweedens word daar ook van opgeleide maatskaplike werkers verwag om kinders wat na bewering seksueel misbruik is vir 'n forensies assessering na die regte opgeleide persone te verwys (Fouché, 2007:3). Hierdie persone is maatskaplike werkers wat deur middel van nagraadse opleiding oor spesialiskennis van seksuele misbruik van kinders beskik en wat beweringe van seksuele misbruik van kinders vanuit 'n forensiese perspektief ondersoek. Die hoofdoel en verantwoordelikheid van hierdie maatskaplike werkers is om die beweringe forensies te ondersoek en die feite en inligting rakende die seksuele misbruik van die kind aan die hof voor te lê. Die wetlik aangewysde maatskaplike werker en die maatskaplike werker in forensiese praktyk kan ook tegelykertyd by dieselfde saak betrokke wees en mekaar

in die saak ondersteun. Dit is algemene praktyk dat die seksueel misbruikte kind vir 'n forensiese assessering na 'n maatskaplike werker wat oor spesialiskennis en -vaardighede beskik, verwys word (Fouché, 2007:2). Vir doeleindes van hierdie studie gaan daar gefokus word op maatskaplike werkers wat wetlik aangewys is om sake van seksuele misbruik van kinders voor die kinderhof te bring en die beweringe dan volgens die Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005) te ondersoek. Hierdie maatskaplike werkers se hoofdoel en verantwoordelikheid is om die kind te beskerm.

Seksuele misbruik van kinders bly 'n tendens wat volgens statistiek (soos reeds genoem) verreikende gevolge vir die kind en sy/haar gesin inhou en die emosionele intensiteit van hierdie sake is dikwels geweldig hoog (Meiring, 2013:7). Cussons (2011:1) meld dat tale maatskaplike werkers onsekerheid tydens ondersoeke na seksuele misbruik en ook die hofprosedures wat daarmee verband hou, ervaar. Maatskaplike werkers ervaar intense, kragtige gevoelens en 'n emosionele impak tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders (Cussons, 2011:2). Dit is nodig om hierdie gevoelens en impakte te erken, aangesien die ontkenning van hierdie gevoelens met die werk wat hulle verrig, kan inmeng en ook hul oordeel kan beïnvloed (Butler & Roberts, 1997:139; Howe, 2008:180-181; Knott & Scragg, 2007:37).

Van Wyk (2011:2-3) stel dit dat maatskaplike werkers wat spesifiek met seksuele misbruik van kinders werk, aangedui het dat beroepstres en uitbranding struikelblokke in hul persoonlike verhoudinge tuis meebring. Laasgenoemde outeur is verder van mening dat maatskaplike werkers se professionele lewe kan oorvloei na hulle persoonlike lewe wat 'n impak op hul betrokkenheid by hul gesin, vriende en gemeenskap kan hê. Min ondersteuning in hul werksomstandighede gee aanleiding tot huweliks- of persoonlike probleme, neuroses en selfs mediese probleme (Van Wyk, 2011:5).

Maatskaplike werkers wat ondersoeke doen na die seksuele misbruik van kinders ervaar emosionele reaksies byvoorbeeld skok, onsekerheid, angs en die begeerte om die ondersoek na die saak so gou moontlik af te handel (Cussons, 2011:26). Hierdie tipe werksituasies kan oorweldigende emosies teweegbring wat verder deur institusionele dinamika, onder andere administratiewe verantwoordelikhede en hoë gevallenladings bemoeilik word (Van Wyk, 2011:6). Dit beïnvloed maatskaplike

werkers se werkverrigting en kan ook tot gevolg hê dat maatskaplike werkers se persepsies en wêreldbekouings beïnvloed word. Sommige maatskaplike werkers kan moontlik emosioneel afgestomp raak en selfs die beroep verlaat (Cussons & Strydom, 2013:61-62; Van Wyk, 2011:2).

Tydens praktyk-ervaring is die navorser van mening dat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders eiesoortige eise aan maatskaplike werkers stel, soos spesialiskennis, objektiwiteit en hantering van eie emosies. Indien maatskaplike werkers nie ondersteuning ontvang vir die emosionele eise wat aan hulle gestel word deur die ondersoeke na seksuele misbruik van kinders nie, kan dit lei tot die standaardisering van werk, die vermyding van bewerings van misbruik en weerstandige maatskaplikewerk-praktyke (Trotter, 2004:168; Waters, 1992:33). Cussons (2011:26) voeg hierby dat maatskaplike werkers bevestig dat hul ervaringe tydens die hantering van sake rakende seksuele misbruik hul gedrag, besluitneming en dienslewering beïnvloed.

Uit die literatuur blyk dit dat maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders verskillende ervaringe het en dat spesifieke rolvereistes aan hulle gestel word. Die maatskaplike werker bring 'n groot deel van sy/haar lewe in die werksplek deur. Werk is dus 'n betekenisvolle en doelgerigte aktiwiteit wat uitgevoer word om verskeie psigososiale behoeftes te bevredig (Van Wyk, 2011:32). Die pasgenoemde outeur is verder van mening dat "dit onmoontlik is om na 'n individu te kyk sonder om die konteks van die omgewing in ag te neem. Net so kan maatskaplike werkers wat betrokke is by intervensie met seksueel misbruikte kinders nie in totaliteit gesien word sonder om die omgewing waarin hulle werk in ag te neem nie" (Van Wyk, 2011:4).

Hierdie studie gaan poog om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te bepaal ten einde die aard van maatskaplike werkers se behoeftes, bewustelike belewenisse en waarneembare gedrag vas te stel. Vir doeleinades van hierdie ondersoek gaan psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers gekontekstualiseer word. Psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers word dus hier in verband met die rolteorie van maatskaplike werkers gebring. "Role theory is a potentially valuable framework for examining role expectations." (Brookes *et al.*, 2007:147). "Role theory offers a

framework in furthering our understanding of the impact of productive roles.” (Rozario et al., 2004:413.) Volgens Mendenhall (2007:275) bestaan rolle nie geïsoleerd van mekaar nie – alle rolle is aan mekaar verwant. “Social roles are interdependent relationships between an individual and a social circle.” Mendenhall (2007:275) brei verder hierop uit met die volgende stelling: “Role expectations are the expectations for the behavior of an individual in a certain position”. Die rolteorie in maatskaplike werk omsluit die maatskaplike funksionering van die individu. Om die maatskaplike funksionering van die individu in perspektief te verstaan, moet daar gelet word op die behoeftes van die mens want dit is bepalend van die kwaliteit van sy maatskaplike funksionering (Van Rooyen & Combrinck, 1980:51). Die rolbegrip dui op die persoon se georganiseerde wyse van gedrag en sluit rolvoreistes, roloverwagtings en rolbehoeftes wat aan die maatskaplike werkers gestel word, in (Van Rooyen & Combrinck, 1980:56-57). Vir die volledigheid van die studie word psigososiaal gedefinieer as beide die psigologiese en maatskaplike funksioneringsvlakke van die mens. Die psigologiese vlak verwys na die interne prosesse van die mens, soos sy/haar denkpatrone en emosies. Die maatskaplike vlak verwys na die sosiale omgewing waarbinne die individu hom/haar bevind en die netwerke waarvan hy/sy deel uitmaak. Dit dui ook op gedrag wat deur die teenwoordigheid van ander beïnvloed word (Plug et al., 1991:339).

DuBois en Miley (2005:13) sluit aan met die volgende verduideliking dat “human needs are the substance of the social work profession and the impetus for social work activities. Human strengths are the building blocks of social work practice and the source of energy for developing solutions”. Psigososiale behoeftes kan dus vir doeleindes van die studie as die fisiese, emosionele, sosiale, kulturele, en geestelike behoeftes gedefinieer word. Aan hierdie behoeftes moet voldoen word sodat ’n persoon optimaal kan funksioneer.

Navorsingsvraag:

Die navorsingsvraag fokus op dít wat bestudeer gaan word en lei die navorsing na die doel en fokus van die studie (Fouché & Delport, 2011a:108; Van der Merwe, 1996:293). Volgens Strauss en Corbin (1998:41) moet die navorsingsvraag so geformuleer word dat dit die navorsing in staat stel om ’n verskynsel indringend te

verken. Die navorsingsvraag identifiseer dus die verskynsel wat ondersoek gaan word en vertel die leser spesifiek dít wat hy/sy graag oor die betrokke verskynsel wil vasstel. Voortspruitend uit die probleemstelling wat hierbo beskryf is, is die volgende navorsingsvraag vir hierdie studie soos volg geformuleer:

- *Wat is die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

2. DOELSTELLING

Die doelstelling van die navorsing is om deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek vas te stel *wat die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders is.*

3. SENTRALE TEORETIESE STELLING

In hierdie studie is die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders ondersoek ten einde die aard van maatskaplike werkers se ondervindinge tydens betrokkenheid by hierdie ondersoeke te identifiseer en te verken. Indien beter insig hieroor verkry kon word, sou bepaal kon word of maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders sekere psigososiale behoeftes ervaar. Deur hul belewenisse bekend te maak en dit te deel kon die behoeftes onderliggend aan die belewenisse geïdentifiseer word. Dit kan ook aandui watter ondersteuning maatskaplike werkers tydens hierdie ondersoeke nodig het. Die psigososiale behoeftes mag veranderlikes wees wat 'n rol kan speel by die diensleweringsproses van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders en behoort om hierdie rede verken en beskryf te word.

4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1. Literatuurstudie

Die literatuurstudie vorm 'n belangrike integrale deel van die navorsingsproses en dien as raamwerk vir die voorgenome navorsing. Dit is noodsaaklik om seker te maak dat alle aspekte van die relevante literatuur ingesluit moet wees voordat oorgegaan word na die volgende stap in die navorsingsproses. Dit sal ook aanleiding gee tot die duidelike formulering van die probleemstelling (Botma *et al.*, 2010:197; Fouché & Delport, 2011b:141; Rubin & Babbie, 2011:22-23; Smith, 2007:4). Die doel van die literatuurstudie was om bestaande navorsing te beskryf sodat dit vergelyk kan word met die resultate wat in die ondersoek verkry gaan word. 'n Volledige literatuurstudie demonstreer dat die navorser ook vertroud is met inligting ten opsigte van die voornemende studie aangesien dit tot beter begrip en insig rakende die onderwerp sal lei (Fouché & Delport, 2011b:133-140; Huysamen, 1993:3; Royse, 2011:7; Van der Heever, 2012:4).

Literatuur (Cussons, 2011:26; Smith, 2007:45; Van Wyk, 2011:2-3) beklemtoon dat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders spesialiskennis en -optrede van maatskaplike werkers verg. Hierdie ondersoeke is sake van hoë emosionele intensiteit wat eise aan die maatskaplike werkers stel wat daaraan blootgestel word. 'n Sistematiese oorsig van die literatuur oor maatskaplike werkers se psigososiale behoeftes tydens ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders is op die volgende wyse deur die navorser onderneem:

- Deur gebruik te maak van die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) as hulpbron om die nodige literatuur en inligting te bekom. Verskeie boeke, vaktydskrifte en navorsingspublikasies sal tydens die literatuurstudie geraadpleeg word.
- 'n Elektroniese literatuuroorsig deur die gebruik van Social Work Abstract, Social Science Abstract, EBSCO Host en NEXUS.
- Internetsoektog – deur gebruik te maak van Google Scholar.
- Relevante hulpbronne wat vermeld word in tydskrifartikels wat gebruik is.
- Die in-diepte literatuurstudie wat binne hierdie studie benut is om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na

seksuele misbruik van kinders te identifiseer en te verken is daarna met empiriese data geïntegreer.

Moontlike temas wat uit die ondersoek na vore gekom het, was: seksuele misbruik van kinders, psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers en ondersoeke. Literatuurkontrole is gedoen om te bepaal of die bevindinge aansluiting vind by die rolteorie.

4.2 Empiriese ondersoek

4.2.1. Navorsingsontwerp

Vir die doel van hierdie studie is 'n kwalitatiewe benadering in die ondersoek gevolg (Fouché & Schurink, 2011:307-308; Holliday, 2007:2; Neuman & Kreuger, 2003:16). Kwalitatiewe navorsing is altyd kontekstueel en poog om 'n deeglike en volledige beskrywing van die navorsing weer te gee (Botma *et al.*, 2010:195). 'n Kwalitatiewe benadering tot navorsing is daarop gerig dat die navorser in interaksie met die deelnemers tree ten einde data uit die deelnemer se onmiddellike omgewing in te samel (Cresswell, 2007:36; Engel & Schutt, 2010:226). Rubin en Babbie (2014:482-483) omskryf kwalitatiewe navorsing as: "Especially effective for studying subtle nuances in attitudes and behaviors and for examining social processes over time. As such, the chief strength of this method lies in the depth of understanding it permits". Kwalitatiewe navorsing word benut wanneer die navorser in komplekse verhoudinge en prosesse wil delf en die *wat waarom en waar* wil vasstel (Labuschagne, 2004:6). Die fokus van hierdie kwalitatiewe navorsing was dus 'n studie van maatskaplike werkers se psigososiale behoeftes tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. Data-analise vind deduktief plaas waarna data in temas en sub-temas ingedeel word waaruit navorser gaan interpreteer, betekenis aan die data gee en dit gaan vergelyk.

Tydens hierdie studie het die navorser hoofsaaklik van toegepaste navorsing (Prinsloo *et al.*, 1996:193) met 'n verkennende en beskrywende oogmerk (Schurink *et al.*, 2011:399) gebruik gemaak om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders, te identifiseer

(verken) en te beskryf. 'n Verkennende en beskrywende studie-ontwerp (Rubin & Babbie, 2011:133) dien die volgende doelwitte:

- om empiriese data oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders in te win;
- om nuwe aannames oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel;
- om prioriteite vir verdere navorsing vas te stel.

Die navorser het die interpreterende beskrywende navorsingsontwerp as navorsingstrategie benut om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te bepaal. Babbie (2014:28) verduidelik dat hierdie ontwerp die volgende inhoud - dat alle mense betrokke is by die proses om sin te maak van hul wêreld deur voortdurend hul daaglikse optredes te interpreteer, te skep, betekenis daarvan te gee, te definieer, te regverdig en te rasionaliseer. Fouché en Delport (2011:95) meen dat die navorser interpreteer wat hy/sy sien, hoor en verstaan om sodoende 'n holistiese indruk te verkry.

4.2.2. Navorsingskonteks

Die navorsingstudie is in die Noordwes Provinsie gedoen. Van die nege provinsies in Suid-Afrika is die Noordwes Provinsie een van vier provinsies waar seksuele geweld volgens statistiek (Statistiek, 2014) vanaf 2009 – 2013 met 6,2% toegeneem het. Die hoofstad van die provinsie is Mahikeng en die totale populasie van die provinsie bestaan uit 3,253,000 miljoen inwoners. Die provinsie is hoofsaaklik 'n landelike gebied wat uit 19 munisipale distrikte saamgestel is. Maatskaplike dienslewering in hierdie provinsie het te make met diversiteit ten opsigte van rasse, woongebiede, kulturele verskille en sosio-ekonomiese omstandighede. Volgens statistiek beskik die Noordwes Provinsie ook oor 'n werkloosheidsyfer van ongeveer 33% (Statistiek, 2014). Die navorser het gefokus op maatskaplike werkers wat in nie-regeringsorganisasies in hierdie provinsie werksaam is wat ondersoeke doen na seksuele misbruik van kinders.

4.2.3. Deelnemers

Die deelnemers word dus gekies vir 'n sekere doel en verskaf die nodige inligting oor die betrokke onderwerp (Alston & Bowles, 2003:58-59). Die populasie wat die studie afbaken (Strydom, 2011b:223), het al die maatskaplike werkers wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders in die Noordwes Provinsie doen, ingesluit. Vir doeleindeste van hierdie studie was die deelnemers maatskaplike werkers wat wetlik aangewys is om sake van seksuele misbruik van kinders voor die kinderhof te bring. Hierdie maatskaplike werkers se hoofdoel en verantwoordelikheid is om die kind te beskerm.

- **Insluitingskriteria vir deelnemers**

Prinsloo *et al.*, (1996:198-199) verduidelik dat die kriteria ten opsigte van die deelnemers wat nodig is vir insluiting by die studie die deelnemers duidelik afbaken. Die kriteria vir insluiting van deelnemers aan hierdie studie is die volgende:

- maatskaplike werkers wat by die South African Council for Social Services Professions geregistreer is;
- maatskaplike werkers van enige geslag en ouderdom;
- maatskaplike werkers wat Afrikaans en Engels magtig is;
- maatskaplike werkers van enige ras en kultuur;
- maatskaplike werkers wat reeds ses maande in die praktyk werksaam is en wat wetlik aangewys is om sake van seksuele misbruik van kinders ter beskerming van die kind voor die kinderhof te bring. Hierdie maatskaplike werkers sal dan voldoende ondervinding hê om 'n bydrae te kan lewer;
- maatskaplike werkers werksaam in nie-regeringsorganisasies;
- maatskaplike werkers wat in die Noordwes Provinsie werksaam is weens toeganklikheid.

- **Uitsluitingskriteria vir deelnemers**

- maatskaplike werkers wat nie by die South African Council for Social Services Professions geregistreer is nie;
- maatskaplike werkers wat nie werksaam is in die Noordwes Provinsie nie;

- maatskaplike werkers wat minder as ses maande in die praktyk werksaam is.

Elf maatskaplike werkers was betrek as deelnemers aan die studie. Dataversadiging is as kriterium toegepas om die getal deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, te bepaal. Dataversadiging dui daarop dat die navorser tydens die studie herhaaldelik dieselfde inligting begin ontvang (Greeff, 2011:350).

4.2.4. Data-insamelingsproses

Data word ingesamel om sodoende inligting rakende die navorsingsprobleem te bekom (Engel & Schutt, 2010:241; Van der Merwe, 1996:292-293). Onderhoudvoering is die oorheersende metode van data-insameling met kwalitatiewe navorsing (Greeff, 2011:342; Botma *et al.*, 2010:209).

Vir die doel van hierdie ondersoek het die navorser semi-gestrukteerde onderhoudvoering as metode benut om inligting deur middel van die deelnemers se weergawes in te samel. 'n Semi-gestrukteerde onderhoudskedule met vyf oopeinde-vrae is gebruik om data in te samel. Skriftelike ingeligte toestemming vir deelname aan die studie is vooraf van die deelnemers en organisasies waar hulle werksaam is, verkry. Skriftelike ingeligte toestemming was ook van deelnemers verkry om data op diktafoon vas te lê.

Die vrae is geformuleer na konsultasie met kundiges by die Noordwes-Universiteit. Die vrae in die onderhoudskedule wat tydens die studie gestel is, is die volgende (sien bylaag F vir Engelse vertaling):

Vraag 1 *Wat het jy nodig om jou rol as maatskaplike werker tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te vervul?*

Vraag 2 *Watter psigososiale behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

Vraag 2a *Watter emosionele behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

Vraag 2b *Watter sosiale behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

Vraag 2c Watter fisiese behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?

Vraag 2d Watter kulturele behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?

Vraag 2e Watter geestelike behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?

Vraag 3 Watter kennis/opleidingsbehoefte ervaar jy tydens ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders?

Vraag 4 Watter leemtes kan jy in jou rol as maatskaplike werker tydens jou ondersoeke na seksuele misbruik van kinders identifiseer?

Vraag 5 Watter aanbevelings kan jy vir jou en die organisasie maak om aan behoeftes tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te voldoen?

Volgens Monette *et al.* (2005:179) asook Rubin en Babbie (2011:457) is dit die navorser se hoofdoel om diktafoon-opnames van die onderhoude te maak om sodoende te verseker dat die navorser haar volle aandag aan die deelnemers en die onderhoude skenk. Die navorser het 'n diktafoon tydens die onderhoude gebruik en notas is ook tydens die onderhoude gemaak ten einde objektiwiteit en akkuraatheid te verseker.

4.2.5. Prosedure

Die volgende stappe is gevolg om data in te samel en dit te interpreteer:

- ❖ Skriftelike etiese toestemming is van die Gesondheid Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) verkry.
- ❖ Kantoороofde van nie-regeringsorganisasies in die provinsie is telefonies en elektronies vir moontlike deelnemers genader.
- ❖ Die navorser het die doel en prosedure van die navorsingstudie breedvoerig aan die kantoороofde verduidelik. Welwillendheids-toestemming is van die kantoороofde gevra.

- ❖ Die kantoorhoofde het as mediators opgetree om maatskaplike werkers as deelnemers te identifiseer. Die mediators het die verantwoordelikheid aanvaar om volledige inligting aan die maatskaplike werkers insake die navorsingstudie oor te dra. Die mediators het verneem of die maatskaplike werkers bereid sou wees om aan die navorsingstudie deel te neem en het dan ook die bevestiging daarvan ontvang.
- ❖ Toestemmingsbrieve is in Engels en Afrikaans opgestel en is elektronies (per e-pos) aan die onderskeie kantoorhoofde gestuur.
- ❖ Die deelnemers is 3 tot 5 dae gegun om oor deelname tot die studie na te dink. Dit het hulle genoeg tyd gegun om 'n besluit te neem en die implikasies van deelname aan die studie te oorweeg. Vrae kon ter enige tyd aan die navorser gerig word.
- ❖ Die deelnemers het, nadat hulle die uitnodiging oorweeg het, die toestemmingsbrieve aan die kantoorhoofde (mediators) terugbesorg. Die mediators het die navorser in kennis gestel van die reaksies op die brieve.
- ❖ Die navorser het daarna telefonies of elektronies kontak opgeneem met die deelnemers om onderhoude met hulle te skeduleer.
- ❖ Die navorser het die onderhoude op diktafoon opgeneem en veldnotas is ook afgeneem.
- ❖ Die verslag is daarna in die vorm van 'n mini-skripsie voltooi.
- ❖ Alle ingesamelde data is in die navorser se kantoor toegesluit en op 'n rekenaar gestoor wat met 'n wagwoord beskerm word. Alle transkripsies en hardekopieë is ook aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus oorhandig waar die studieleier dit vir 'n tydperk van minstens vyf jaar sal stoor voordat dit vernietig sal word. Alle bandopnames is na afhandeling van die studie vernietig. Slegs die navorser en haar studieleier het toegang tot die inligting.
- ❖ Terugvoer van die resultate is opsommend aan die deelnemers elektronies (per e-pos) deurgegee nadat die finale skripsie ingehandig en aanvaar is.

4.2.6. Data-ontleding

Data-ontleding is die proses waarin orde, struktuur en betekenis aan die ingesamelde data gegee word (Engel & Schutt, 2010:244; Schurink *et al.*, 2011:397).

Die navorser het die inligting wat tydens die semi-gestrukteerde onderhoudvoering verkry is, in temas en subtemas geanaliseer deur van 'n koderingsisteem volgens die voorgestelde raamwerk van Tesch (in Creswell, 2009:186) gebruik te maak:

- 'n Geheelbeeld is verkry deur alle transkripsies noukeurig deur te lees en alle idees is aangeteken;
- transkripsies is weereens deurgelees en idees is in die kantlyn aangeteken;
- daar is na die bandopnames geluister en daarna is transkripsies gemaak;
- 'n Lys van al die temas volgens die vrae wat gestel is, is deur die navorser in die kantlyn aangedui en is toe daarvolgens saamgestel. Die navorser het deduktief te werk gegaan;
- soortgelyke temas is in kolomme wat uit temas en subtemas bestaan het, gegroepeer;
- die lys temas en subtemas is daarna met die transkripsies vergelyk. Kodes is volgens spesifieke segmente in die teks aan temas en subtemas toegewys. Tydens hierdie fase is daar ook gelet op nuwe/versteekte temas;
- die navorser is deur die studieleier ondersteun en geleid om die koderingsisteem in plek te stel;
- die mees beskrywende woorde was vir temas gekies en in kategorieë ingedeel;
- ooreenstemmende inligting is in kategorieë geplaas ten einde temas en subtemas te beklemtoon (Rubin & Babbie, 2014:508).

4.2.7. Vertrouenswaardigheid

Navorsing van goeie gehalte beskik oor vertrouenswaardigheid en is gebaseer op die neutraliteit van die navorser se bevindinge en besluite. Volgens Botma *et al.* (2010:232) en Schurink *et al.* (2011:419-421) het vertrouenswaardigheid vier epistemologiese boustene, naamlik eerlikheid (waarheidsgetroouheid), konsekwentheid, toepaslikheid, neutraliteit. Volgens Botma *et al.* (2010:234) word eerlikheid, konsekwentheid, toepaslikheid en neutraliteit as kriteria aangelê om vertrouenswaardigheid van bevindinge te verseker.

TABEL 1: VERTROUENSWAARDIGHEID

Epistemologiese Standaarde	Strategieë	Kriteria (toepassing)
Waarheidsgetrouwheid	<p>Word bepaal deur eerlikheid, kredietwaardigheid en verdienstelikheid. Die navorsing is korrek geïdentifiseer en die proses is geloofwaardig en verdienstelik (Schurink <i>et al.</i>, 2011:419-420).</p> <p>Kredietwaardigheid en verdienstelikheid word bereik deur volgehoue betrokkenheid by die deelnemers tydens semi-gestrukteerde onderhoude. Onderhoude is gevoer totdat dataversadiging bereik is (Greeff, 2011:350).</p>	<p>Die navorser het eers 'n verhouding met die deelnemers opgebou. Semi-gestrukteerde onderhoude is gevoer. Deeglike veldnotas is tydens die onderhoude aangeteken.</p> <p>Die navorser het voortdurend data geanaliseer.</p>
Konsekwenthed	<p>Word bepaal deur betroubaarheid. Betroubaarheid dui die mate waarin die data wat ingesamel is, volledig en korrek is. Betroubaarheid beklemtoon verder of volledige en korrekte data in die finale verslag weergegee is. Betroubaarheid dui op die vraag of die navorsingsproses logies en deeglik opgeteken is.</p> <p>Betroubaarheid en ook kredietwaardigheid is ewe belangrik in die studie; die een sal die ander se teenwoordigheid versterk en</p>	<p>Die prosedure wat tydens die studie gevolg is om data in te samel en data te interpreteer is in die studie volledig weergegee ten einde replisering te bewerkstellig.</p> <p>Opnames sowel as veldnotas is gebruik om volledige en onafhanklike data in te samel. Etiiese stappe is volledig en deeglik uitgevoer.</p> <p>Kodering en herkodering is met behulp van die studieleier gedoen.</p>

	bevestig (Schurink <i>et al.</i> , 2011:420-421).	
Toepaslikheid	Die fokus val op oordraagbaarheid en is volgens Schurink <i>et al.</i> (2011:420) "the transferability of one set of findings to another context and is the alternative to external validity or generalizability". Hierdie outeurs is verder van mening dat triangulering oordraagbaarheid kan versterk.	Die navorser het die navorsingsprosedure volledig met al die deelnemers bespreek. Metode van steekproefneming is duidelik omskryf. Die getal onderhoude is aan die hand van dataversadiging bepaal. Die resultate is volledig beskryf.
Neutraliteit	Die fokus val op bevestigingswaardigheid en verwys na die ware weergawe van die studie en data is nie gebaseer op die vooroordeel van die navorser nie (Schurink <i>et al.</i> , 2011:421-422). Bevestigingswaardigheid verwys verder daarna of die resultate van die studie ook deur ander navorsing bevestig kan word (Schurink <i>et al.</i> , 2011:419-421). Die resultate van hierdie studie is ook met literatuur vergelyk.	Om verdienstelikheid, oordraagbaarheid en betroubaarheid van die studie te bevestig en het die navorser al die rou data soos bandopnames, veldnotas, opsommings, samevattende notas, teoretiese notas en prosesnotas gebruik om te verklaar watter inligting verkry is en hoe die inligting ingewin is (Schurink <i>et al.</i> , 2011:421-422). Volledige veldnotas is afgeneem en is te enige tyd beskikbaar vir hersiening en die nagaan daarvan. Die inhoud van data-insameling is akkuraat weergegee. Kollegas in die navorser se eie werksopset is nie vir die studie gebruik nie om die

		moontlikheid van kontaminasie deur die navorsingstudie te vermind. Gereelde konsultasie met die studieleier het objektiwiteit en neutraliteit verseker.
--	--	---

4.2.8. Etiese aspekte

Navorsing van die Psigososiale Wetenskappe hou voordele en ook risiko's vir die deelnemers aan die navorsingstudie in (Babbie, 2014:63; Berg & Lune, 2014:61). Tydens hierdie navorsingstudie is die deelnemers die geleentheid gegun om die behoeftes wat hulle tydens ondersoek na seksuele misbruik van kinders ervaar, bekend te maak. Volgens Babbie (2014:65) moet die navorsingstudie poog om voordele vir die deelnemers en die samelewing in te hou en moet potensiële skade te alle tye voorkom word.

Etiese kwessies word deur Strydom (2011a:113-126) asook Engel en Schutt (2010:233-235) omskryf as 'n wye verskeidenheid aanvaarbare beginsels en reëls om korrekte optrede tydens die navorsing te verseker. Rubin en Babbie (2014:95) sowel as Strydom (2011a:113-114) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat alle etiese beginsels tydens die navorsingstudie gehandhaaf moet word. Navorsing ten opsigte van deelnemers beskik altyd oor die risiko dat potensiële skade berokken kan word. Etiese beginsels moet dus te alle tye toegepas word om moontlike skade aan die deelnemers te voorkom (Berg & Lune, 2014:61).

Die navorsingsvoorstel is deur AUTHeR Navorsingseenheid van die Fakulteit goedgekeur en aanvaar. Skriftelike etiese goedkeuring is van die Gesondheid Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) onder die sambreelprojek onder leiding van professor CC Wessels met die etieknommer **NWU-0027-09-S1** bekom. Vervolgens word alle relevante etiese aspekte breedvoerig bespreek wat tydens die uitvoering van die navorsingstudie van belang was:

- ***Benadering van deelnemers tot deelname***

Babbie (2014:64) en Berg & Lune (2014:92) meld dat die benadering van deelnemers aan die navorsingstudie uiters belangrik is. Deur middel van 'n mediator het die navorser maatskaplike werkers genader ter verkryging van hul deelname aan die navorsing. Ras- en kulturele verskille is gerespekteer. Die navorser het die doel van die navorsing aan die mediators verduidelik. Die deelnemers was 'n periode van drie tot vyf dae gegun om daaroor te besin. Hierdeur het die navorser verseker dat die deelnemers se waardigheid gerespekteer word deurdat hulle die deelname en moontlike implikasies kon oorweeg. Volgens Babbie (2014:336) is hierdie benadering van deelnemers aan die studie ook vir die navorser belangrik. Die navorser se kollegiale en professionele belang is ook hierdeur gerespekteer. Sodra die deelnemer ingestem het om aan die studie deel te neem, is 'n geskrewe toestemmingsbrief deur hom/haar onderteken waarmee hy/sy dan skriftelik tot deelname ingestem het.

- ***Vrywillige deelname***

Babbie (2014:66) en Strydom (2011b:116) beklemtoon verder dat deelnemers ingelig moet wees oor die moontlike risikofaktore wat kan voorkom, voordat hulle vrywilliglik skriftelik instem tot deelname aan die studie. Die navorser het dit onder die deelnemers se aandag gebring dat hul keuse tot deelname aan die studie vrywillig is en niemand dus gedwonge moes voel daartoe om deel te neem nie.

- ***Keuse om hulle aan die studie te onttrek***

Strydom (2011b:117) meld dat deelnemers ingelig word dat hulle hulle te enige tyd aan die studie kan onttrek en dat die deelnemers ook kan versoek dat hulle data nie meer in die studie gebruik mag word nie. Die navorser het die deelnemers ingelig dat hulle die reg gehad het om hulle in enige stadium voor data-ontleding aan die studie te onttrek en dat indien hulle sou besluit om hulle te onttrek, dit nie tot hulle nadeel sou strek nie.

- ***Skriftelike ingelige toestemming***

Die navorser het bestuurders en werkgewers van organisasies genader om as mediators op te tree en om skriftelike ingelige toestemming van hul werknemers te verkry. Skriftelike ingelige toestemming van kandidate tot deelname is deur die mediators van die potensiële deelnemers verkry en is uiters noodsaaklik ten einde risiko ten opsigte van fisiese, psigologiese en sosiale skade te voorkom. Die brieve

is in Engels en Afrikaans opgestel. Volgens Babbie (2014:66); Berg & Lune (2014:92) en Strydom (2011b:117) behels skriftelike ingeligte toestemming dat vrywillige deelnemers die doel en risiko's van die navorsing moet verstaan. Skriftelike ingeligte toestemming is van die deelnemers verkry alvorens die navorser met enige deelname aan die navorsing begin het. Die deelnemers is volledig oor die doel, aard en omvang van die navorsing ingelig asook moontlike risiko's en voorsorgmaatreëls van die studie alvorens hulle skriftelik tot deelname ingestem het.

- ***Ontlonting***

Babbie (2014:66) en Strydom (2011b:122) verduidelik dat die deelnemers tydens die deelname aan die navorsing gevoelens ervaar en inligting omtrent hulself kan ontdek waarvan hulle nie bewus was nie. Die navorser het te alle tye sensitief en professioneel opgetree ten einde te verhoed dat die deelnemers skade ly en hulle emosionele of fisiese ongemak as gevolg hiervan sou ervaar. Volgens Strydom (2011b:122) is ontlontingsessies die geleenthede waartydens deelnemers na die navorsing hul ervaring kan verwerk en probleme wat as gevolg van die ervaringe geskep is, kan regstel. Ontlonting van hierdie gevoelens is van die uiterste belang en enige misverstand wat tydens die navorsing voorgekom het, is hanteer. Hierdie ontlonting het ten doel gehad om die deelnemers nie langdurige skade te laat ly ná die bewuswording van hul ervaringe en gevoelens nie (Babbie, 2014:66). Die ontlonting van die deelnemers is nie deur die navorser persoonlik behartig nie. Die navorser het vooraf 'n geïdentifiseerde en onafhanklike berader aangewys na wie die deelnemers vir ontlonting verwys is.

- ***Vertroulikheid en anonimiteit***

Elke deelnemer het die reg op anonimiteit en vertroulikheid. Deelnemers is ingelig oor alle beperkinge tot die beginsel van vertroulikheid asook die stappe wat gevolg sal word om te verseker dat vertroulikheid nie geskend sal word nie (Strydom, 2011b:119). Babbie (2014:68) meld egter dat vertroulikheid en anonimiteit nie verwarmag word nie en die navorser die deelnemers nie deur die gebruik van die begrippe mag mislei nie. Die navorser het vertroulikheid by die deelnemers benadruk tydens die verduideliking van wat die doel en prosedure van die navorsing behels. Die semi-gestrukteerde onderhoude met die deelnemers is in die privaatheid van 'n kantoor gevoer. Die organisasie het hierdie kantoor aangewys. Volgens Babbie (2014:68) behels anonimiteit dat gegewe inligting nie met die gegewe deelnemer geassosieer

mag word nie. Geen identifiserende besonderhede van die deelnemers is in die publikasie gebruik of genoem nie. Toegang tot ingesamelde data is te alle tye met omsigtigheid gehanteer. Die navorser het 'n koderingstelsel gebruik en daar is geensins met name na die deelnemers verwys nie, maar na deelnemer A, B, C ensovoorts verwys. Die ingesamelde data is ook volgens riglyne of protokol bewaar (Botma *et al.*, 2010:18-19).

- ***Bevoegdheid van die navorser***

Strydom (2011b:124) beklemtoon dat daar 'n etiese verantwoordelikheid op die navorser rus om te verseker dat sy oor voldoende vaardigheid beskik en bevoeg is om die navorsing te kan doen. Die navorser is 'n geregistreerde maatskaplike werker by die South African Council for Social Services Professions met registrasienommer 10-10369 en dus verbind tot die Raad se etiese kode en verwagtinge. Die navorser het 17 jaar ondervinding in familie- en gesinsorg. Die navorser het onder toesig van 'n studieleier die navorsingstudie uitgevoer ten einde professionaliteit en objektiwiteit te verseker. Die navorser is Afrikaans en Engels magtig ten einde alle potensiële deelnemers te kan gebruik. Die navorser het tydens die studie Magister: Forensiese Praktyk se navorsingsmodule, opleiding in die voer van navorsingsonderhoude ontvang.

- ***Bewaring van data***

Die ingesamelde data is met die nodige vertroulikheid en omsigtigheid hanteer en in veilige bewaring in die navorser se kantoor toegesluit. Die veilige bewaring van data sluit in dat die ingesamelde data van die deelnemers deur 'n kodewoord op die navorser se rekenaar beskerm word (Botma *et al.*, 2010:18-19). Alle ingesamelde data is in die navorser se kantoor in 'n kabinet toegesluit. Alle veldnotas en bandopnames is aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus oorhandig om te stoor vir 'n tydperk van minstens vyf jaar voor dit vernietig sal word. Slegs die navorser en haar studieleier het toegang tot die inligting.

- ***Publikasie van bevindinge***

Navorsing het geen waarde as die navorser se bevindinge nie op 'n geskrewe wyse aan die algemene publiek, deelnemers en professionele persone bekend gemaak word nie. Strydom (2011a:126) beveel aan dat die navorsingsverslag die noodsaaklike inligting sal bevat en objektief sal wees. Alle positiewe en negatiewe aspekte is weergegee. Sodoende is die effektiwiteit van die navorsing bevestig. Die

navorser het die bevindinge van die navorsing in die vorm van 'n navorsingsverslag weergegee. Die navorsingsverslag is duidelik, verstaanbaar en akkuraat saamgestel.

5. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING

Die volgende beperkinge ten opsigte van die navorsing kan weergegee word:

- Slegs vroulike deelnemers wat by die navorsing betrek is, was by die nie-regeringsorganisasies werksaam. Dus kon deelname van beide geslagte nie verkry word nie.
- Mentors het enkele deelnemers regoor die Noordwes Provinse aangewys en beskikbaar gestel om aan die navorsing deel te neem. Sommige mentors was nie bereid om meer as een deelnemer in 'n kantoor vir deelname aan die studie te nader nie. Lang afstande is afgelê om die deelnemers te bereik en finansiële kostes was dus 'n faktor.
- Van die deelnemers se kantoorpersoneel het nie die onderhoude gerespekteer nie en sommige van die onderhoude was onderbreek.
- Weens die klein steekproef kan navorsingsbevindinge nie veralgemeen word nie.
- Beperkte bronre oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers is beskikbaar. Slegs verouderde bronre oor die rolteorie van Maatskaplike Werk kon opgespoor word.

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

6.1. Kind

Die term *kind* word gedefinieer as 'n persoon onder die ouerdom van agtien jaar (Fouché, 2007:43). "A child means a person under the age of 18, according to the Children's Act No. 38 of 2005 (SA, 2005)". Doyle (1994:6) definieer die kind as "the word '*child*' in association with '*sexual abuse*' can cover any person from birth to the age of 18". Enige persoon jonger as agtien jaar word dus deur die Wet beskou as 'n kind en as sodanig mee gehandel.

6.2. Maatskaplike werker

Die term *maatskaplike werker* word volgens die Vaktaalkomitee (1995:40) gedefinieer as 'n geregistreerde persoon wat aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Wet op Maatskaplike Werk, Wet 110 van 1978 (SA, 1978), voldoen. Hierdie maatskaplike werker is ook gemagtig om 'n professionele diens van maatskaplike funksionering te lewer. Vir doeleindes van hierdie navorsing verwys die term *maatskaplike werker* spesifiek na die maatskaplike werker wat wetlik aangewys is om sake van seksuele misbruik van kinders voor die kinderhof te bring. Hierdie maatskaplike werker se hoofdoel en verantwoordelikheid is om die kind te beskerm.

Die Children's Act No. 38 of 2005 (SA, 2005) gebruik die term *aangewese maatskaplike werker* en definieer dit soos volg: 'n maatskaplike werker in diens van -

- (a) die Departement of 'n provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling;
- (b) 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie; of
- (c) 'n munisipaliteit.

6.3. Psigososiale behoeftes

Psigososiale behoeftes dui op beide die psigologiese en maatskaplike funksioneringsvlakke van die mens. Die psigologiese vlak is die interne prosesse van die mens, soos sy/haar denkpatrone en emosies. Die maatskaplike vlak is die sosiale omgewing waarbinne die individu hom/haar bevind en die netwerke waarvan hy/sy deel uitmaak. Dit dui ook op gedrag wat deur die teenwoordigheid van ander beïnvloed word (Plug *et al.*, 1991:339). Psigososiale behoeftes kan dus vir doeleindes van hierdie navorsing gedefinieer word as die fisiese, emosionele, sosiale , kulturele, en geestelike behoeftes waaraan voldoen moet word vir 'n persoon om optimaal te kan funksioneer.

6.4. Seksuele misbruik

Die term *seksuele misbruik* word deur Howe (2005:199) gedefinieer as enige aktiwiteit van seksuele aard tussen 'n volwassene en 'n kind of 'n ouer kind teenoor 'n jonger kind. Munro (2002:53) definieer seksuele misbruik soos volg: "Die forsering van 'n kind of jong persoon om deel te neem aan seksuele aktiwiteite, nienteenstaande die feit of die kind bewus is van wat gebeur of nie. Die aktiwiteite kan

fisiese kontak, insluitend penetrasie of nie-penetrerende dade, of dade sonder kontak, byvoorbeeld pornografie of die aanskoue van seksuele aktiwiteite, insluit.”

Zastrow (2010:201) sluit hierby aan en definieer seksuele misbruik soos volg: “Sexual abuse includes not only intercourse (genital or anal) but also oral-genital contact, fondling and behaviors such as exposing oneself to a child and photographing or viewing a child for the molester’s erotic pleasure.” In die Suid Afrikaanse konteks is die wetlike definisie van seksuele misbruik soos weergegee in die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) Wet 32 van 2007 (SA, 2007:13) waar enige persoon ’n kind - ’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar - met of sonder die toestemming van die kind, by ’n seksuele daad betrek. ’n Seksuele daad word omskryf as seksuele penetrasie of seksuele skending of onttering. Seksuele misbruik is volgens die navorsing die fisiese en nie-fisiese kontak tussen die kind en ’n ander persoon en waarvan die kontak van seksuele aard is. Die kind is nie psigies opgewasse om die omvang van seksuele interaksie te verstaan nie en die effek van hierdie seksuele interaksie hou negatiewe gevolge vir die kind in. Ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders verwys dus na die maatskaplike werker (by wie die saak aangemeld is) se nagaan en insamel van feite en inligting oor die kind en die beweerde seksuele misbruik.

7. NAVORSINGSBEVINDINGE

Die navorsing het tydens semi-gestruktureerde onderhouvoering die psigosiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders verken. Ryk data is ingesamel en die resultate uit die studie word vervolgens bespreek. Alvorens daar na die temas en subtemas verwys word, word die profiel van die deelnemers eers uiteengesit:

7.1. Profiel van die deelnemers

Agt verskillende nie-regeringsorganisasie-kantore in die Noordwes Provinsie is tydens die navorsing betrek. Elf deelnemers het deur middel van semi-gestruktureerde onderhouvoering aan die navorsing deelgeneem. Daar word na die deelnemers verwys as deelnemer A,B,C ensovoorts.

7.1.1 Dorpe/areas en aantal deelnemers

TABEL 2: DORP EN AANTAL DEELNEMERS

Noordwes Provincie	Aantal deelnemers
Potchefstroom	4
Klerksdorp	3
Wolmaranstad	1
Rustenburg	2
Zeerust	1

Die maatskaplike dienslewering in hierdie organisasies en dorpe dek diverse rasse, woongebiede, kulturele verskille en sosio-ekonomiese omstandighede.

7.1.2 Ouderdom en geslag

TABEL 3: OUDERDOM EN GESLAG

Deelnemers	Ouderdom	Geslag
Deelnemer A	31-40	Vroulik
Deelnemer B	61-70	Vroulik
Deelnemer C	21-30	Vroulik
Deelnemer D	21-30	Vroulik
Deelnemer E	21-30	Vroulik
Deelnemer F	31-40	Vroulik
Deelnemer G	31-40	Vroulik
Deelnemer H	61-70	Vroulik
Deelnemer I	21-30	Vroulik
Deelnemer J	21-30	Vroulik
Deelnemer K	21-30	Vroulik

Elf persone het aan die navorsing deelgeneem. Al elf deelnemers was vroulik, van wie ses tussen die ouderdomme 21 en 30 was, drie tussen die ouderdomme 31 en 40 en twee tussen die ouderdomme 61 en 70. Die deelnemers was Afrikaans en Engels magtig en van verskillende rasse en kultuurgroepes.

7.1.3 Kwalifikasie en tydperk van werksondervinding

TABEL 4: KWALIFIKASIE EN TYDPERK VAN WERKSONDERVINDING

Deelnemers	Diploma	Graad	Werksondervinding
Deelnemer A		X	16 jaar
Deelnemer B		X	38 jaar
Deelnemer C		X	3 jaar
Deelnemer D		X	2 jaar
Deelnemer E		X	4 jaar
Deelnemer F		X	8 jaar
Deelnemer G		X	10 jaar
Deelnemer H		X	40 jaar
Deelnemer I		X	7 maande
Deelnemer J		X	10 maande
Deelnemer K		X	7 maande

Al die deelnemers is geregistreerde maatskaplike werkers by die South African Council for Social Services Professions. Al die deelnemers beskik oor 'n vierjaargraad-opleiding in Maatskaplike Werk. Die deelnemers se tydperke van werksondervinding verskil. Al die deelnemers hanteer sake van seksuele misbruik van kinders wat vir die navorsing 'n aanduiding is hoe omvangryk en kompleks die probleem werklik is. Twee deelnemers het agt en dertig en meer jare werksondervinding. Drie deelnemers het minder as een jaar ondervinding.

7.2. Temas en subtemas

Die navorsing het tydens semi-gestruktureerde onderhouvoering die psigososiale behoeftes van die deelnemers verken. Agt hooftemas met subtemas is uit die studie ontwikkel. Vervolgens word elke tema en die toepaslike subtemas bespreek. Die subtemas is in kategorieë onderverdeel om die bevindinge breedvoerig te verduidelik. Hierdie bespreking sal aan die hand van verwysing na deelnemers se verbatim-response en 'n relevante literatuurkontrole plaasvind. Die temas en subtemas word in Tabel 5 uiteengesit:

TABEL 5: TEMAS EN SUBTEMAS

Tema 1		Rolvereistes
	Subtema 1	<i>Beveiliging</i>
	Subtema 2	<i>Hulpbronne</i>
	Subtema 3	<i>Optrede</i>
	Subtema 4	<i>Emosionele volwassenheid</i>
Tema 2		Rolverwagtinge
	Subtema 1	<i>Ondersteuning en ontlading</i>
	Subtema 2	<i>Goeie verhoudinge</i>
	Subtema 3	<i>Tyd</i>
Tema 3		Emosionele behoeftes
	Subtema 1	<i>Positiewe behoeftes</i>
	Subtema 2	<i>Negatiewe behoeftes</i>
Tema 4		Fisiiese behoeftes
	Subtema 1	<i>Fisiiese simptome</i>
	Subtema 2	<i>Liggaamlike veiligheid</i>
Tema 5		Sosiale behoeftes
	Subtema 1	<i>Ontlading en ondersteuning</i>
	Subtema 2	<i>Samewerking</i>
Tema 6		Kulturele behoeftes
	Subtema 1	<i>Verbandhoudende wette</i>
	Subtema 2	<i>Kultuurverskille</i>
Tema 7		Geestelike behoeftes
	Subtema 1	<i>Ontoereikende eie krag</i>
	Subtema 2	<i>Onsekerheid</i>
	Subtema 3	<i>Geestelike leiding</i>
Tema 8		Ontwikkeling en groei
	Subtema 1	<i>Ontwikkelingsbehoefte</i>

7.3. Bespreking van bevindinge

Vir doeleindes van hierdie ondersoek is die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders

gekontekstualiseer. Psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers word hier dus in verband gebring met die rolteorie van Maatskaplike Werk. Die rolteorie van Maatskaplike Werk is tydens die onderhoudvoering verken en is aan die deelnemers bekend, en waardevolle insette daaroor is deur die deelnemers, gelewer. In konteks met die navorsingstudie is twee temas in terme van die rolbegrip/rolteorie, naamlik die rolvereistes en roloverwagtinge van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders, geïdentifiseer. Die rolvereistes van maatskaplike werkers word eerstens bespreek.

7.3.1. TEMA 1: ROLVEREISTES

Rolvereistes word gedefinieer as dit wat nodig is, dit wat verwag word en dit wat voorgeskryf word om 'n bepaalde rol te kan vervul (Kritzinger & Labuschagne, 1982:1196). Rolvereistes is dus aktiwiteite en optredes wat in bepaalde situasies van 'n persoon vereis of verwag word (Van Rooyen & Combrinck, 1980:57). Al elf deelnemers was van mening dat seksuele misbruik van kinders prioriteitsake is en dat hoë eise gestel word aan die maatskaplike werker wat die saak ondersoek. Die meerderheid deelnemers het bevestig dat hierdie ondersoeke hoë eise aan hulle stel. Die volgende vier subtemas is geïdentifiseer en word uitgelig.

7.3.1.1. Subtema 1: Beveiliging

Tydens onderhoudvoering het die deelnemers aangedui dat die seksuele misbruik van kinders ernstige sake is. Onmiddellike optrede van die maatskaplike werker, ingryping of beskerming van die kind en ook die verwydering van die oortreder uit die omgewing is die maatskaplike werker wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders doen, se ernstigste en dringendste rolvvereistes. Hierdie drie kategorieë word verder bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 1: **Onmiddellike optrede.**

Volgens agt van die deelnemers is die eerste rolvvereiste van die maatskaplike werker die beveiliging van die kind deur onmiddellike optrede. Van die deelnemers het die volgende genoem:

“Die eerste taak hier is om te beveilig. Dit is ons groot rol.”

“Ek verwyder die kind om die kind te beveilig en daarvoor gebruik ek vorm 36 waarna kinderhofverrigtinge geopen word.”

“My rol is basies die beveiliging van die kind. Dis hoekom ek hier is - om die kind te beveilig. Dis prioriteit.”

Een deelnemer het haar verantwoordelikheid beskou om nie alleen die kind te beveilig nie, maar ook sy/haar toekoms te beveilig (“*Om die kinders te beveilig en nie net onmiddellik nie, maar ook hulle toekoms te beveilig.*”). Van Wyk (2011:1) meld dat maatskaplike werkers dikwels verslae aan die hof oor die kind se omstandighede moet voorberei en dat die Strafprosesreg in Suid-Afrika tydens hierdie ondersoek ter sprake is. Die strafprosesreg is nodig om misdadige gedrag te voorkom, op te spoor, te hanteer en te beheer. Daar word van maatskaplike werkers verwag om as getuies in die hof op te tree sowel as bevindinge, gevolgtrekkings en ook aanbevelings oor ’n betrokke kind se bepaalde omstandighede aan die hof voor te lê (Meuter, 2011:3; Spies & Carstens, 2005:29). Die navorser is van mening dat beveiliging hier ’n belangrike vereiste in die maatskaplike werker se rolfunksionering is omrede wetgewing dit vereis. Die onmiddellike optrede van die maatskaplike werker is die eerste stap van die statutêre plig wat die maatskaplike werker opgelê word.

- Die tweede kategorie van subtema 1: **Ingryping en beskerming**

Volgens vier van die deelnemers is die eerste rolvereiste van die maatskaplike werker die beveiliging van die kind deur ingryping en beskerming. Uit die onderhoudvoering blyk dit dat die deelnemers die kind beveilig deur in te tree en die kind daardeur te beskerm. Hier volg van die deelnemers se opmerkings:

“Wanneer ek met seksuele misbruik te doene kry, weet ek dat ek moet intree en doen wat ek kan vir daardie kind.”

“Om beskermend op te tree ten opsigte van hierdie kinders.”

“My role is to make the situation better – to keep the child safe.”

“As dit kom by seksuele misbruik van kinders is dit ingryp en beskerm.”

Die impak van seksuele misbruik het verreikende gevolge vir die kind, die familie en die gemeenskap. Daarom is maatskaplike ingryping van die uiterste belang (Boezaart, 2009:523; Fouché, 2007:109; Meuter, 2011:2). Die navorser is dus van mening dat maatskaplike werkers wetlik aangewys is om sake van seksuele misbruik van kinders voor die kinderhof te bring en die beweringe dan volgens die Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005) te ondersoek. Hierdie maatskaplike werkers se hoofdoel en verantwoordelikheid is om die kind te beskerm.

- Die derde kategorie van subtema 1: **Verwydering van die beweerde oortreder.** Volgens twee van die deelnemers is 'n verdere rolvvereiste van die maatskaplike werker die beveiliging van die kind deur die verwydering van die beweerde oortreder uit die omgewing waar die kind hom/haar bevind. Vir hierdie deelnemers was dit 'n hooftaak om die beweerde oortreder te verwyder om te verseker dat hierdie wandade stopgesit word. Hulle menings was soos volg:

“Die primêre doel is om die kind daar uit die omstandighede uit te kry of eerder – om die persoon wat die oortreder is daar uit te kry sodat die kind beveilig is. Sodat wanneer ek daar uitstap dan weet ek dit gaan nie weer gebeur nie ... dis my hooftaak.”

“En dat die oortreder wegkom en verwyder word uit die omstandighede uit.”

Die Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005) bepaal in Artikel 153(1)(b) en Artikel 15 (6)(a) dat die beweerde oortreder uit die omgewing waarin die kind hom/haar bevind, verwyder moet word, eerder as die kind self. Hierdie stelling word deur die navorser ondersteun en is 'n aanvaarde en holistiese benadering tot seksuele misbruik van kinders aangesien verwydering van die kind uit sy/haar omgewing nog meer trauma tot die gebeure toevoeg.

7.3.1.2. Subtema 2: Hulpbronne

Uit die onderhoude wat gevoer is, het al die deelnemers aangedui dat die beskikbaarheid van hulpbronne 'n uiters belangrike komponent tydens ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders is. Volgens die meerderheid deelnemers het hulle multiprofessionele spanbenadering en -samewerking asook ouerbetrokkenheid tydens hierdie ondersoeke nodig. Dat daar egter te min hulpbronne tot die maatskaplike werkers se beskikking is, is ook tydens die onderhoude bevestig. Hierdie drie kategorieë word verder bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 2: **Multi-professionele spanbenadering en samewerking.**

Die meerderheid deelnemers het verwys na die belangrike rol wat 'n multiprofessionele spanbenadering tydens hierdie ondersoeke speel. Hulle het genoem:

“*Die krisis-sentrum en die mediese versorging is nodig want baie is so seergemaak dat hulle dadelik mediese hulp nodig het. Die kind moet gaan vir die J88. Dis so belangrik dat hulle na 'n veilige plek geneem word. Maak nie saak of dit 'n kinderhuis of hospitaal of 'n huis is nie. Dan is hulle basiese behoeftes net so belangrik want sommiges van hulle is so honger.*”

“*Die Polisie is baie betrokke by die beveiliging van kinders, die Kinderhof natuurlik ook en die forensiese assesseerder of die terapeut afhangende watter kant toe die saak ook al gaan.*”

“*Jy is die een wat met die multidissiplinêre span werk. Jy is die outjie wat met die verskillende velde kontak maak en opvolg.*”

“*Dit is ook 'n hulp as daar spanwerk is tussen al die professionele mense wat tydens so 'n ondersoek nodig is.*”

Slegs drie deelnemers het 'n deskundige assessering as hulpbron uitgelig. Die navorsers skryf dit toe aan onkunde omdat die spesialiteitsveld van forensiese assessering nog relatief onbekend in die praktyk is. Een deelnemer het die volgende

stelling gemaak: “*Ons het alternatiewe plasings nodig wat ons nie kry nie. Deskundige assessorings wat gedoen moet word kos baie geld en die polisie se hulp in hierdie proses wat parallel moet gebeur. Ons het dit alles nodig.*”

Dit is algemene praktyk dat die seksueel misbruikte kind vir ’n forensiese assessering na ’n maatskaplike werker wat oor spesialis kennis en vaardighede beskik, verwys word (Fouché, 2007:2). Botha (soos aangehaal deur Van Wyk, 2011:205-206) wys op die belangrikheid van samewerking tussen die verskillende rolspelers tydens die ondersoek na hierdie sake. Wanneer die rolspelers nie saamwerk nie, skep dit spanning by die maatskaplike werker wat hierdie ondersoeke doen. Seksuele misbruik is volgens die navorser dus ’n omvattende, komplekse probleem wat nie sonder die nodige professionele rolspelers hanteer kan word nie.

- Die tweede kategorie van subtema 2: **Ouerbetrokkenheid.**

Die betrokkenheid van die ouers by die kind is ook deur ses deelnemers as ’n belangrike komponent genoem. Die deelnemers het die ouers se optrede as onverantwoordelik en negatief ervaar. Van die deelnemers het die volgende opgemerk:

“Parents do not take care of their children. If parents can take responsibility I can rely on them to keep the child safe. It is frustrating if parents do not take their parenting seriously.”

“Daar is baie gevalle waar kinders nie veilig is in hul eie huis nie. ’n Ma weet hierdie goed en sien hierdie goed, miskien het hulle ’n vermoede en soms praat die kind - maar sy glo dit nie.”

“Soms is ek baie ontevrede met die ouers want die kinders word nie beskerm nie.”

Fouché (2007:247) wys daarop dat ouers ’n rigtinggewende rol kan speel ten opsigte van die kind se optrede tydens ondersoeke na seksuele misbruik. Die navorser is van mening dat indien die ouers van die seksueel misbruikte kind die intensiteit van die daad/dade besef en insig daarin toon, kan hul betrokkenheid en ondersteuning aan die kind van onskatbare waarde wees. Die teendeel van die vorige stelling is ook ’n realiteit, naamlik dat dit onder bepaalde omstandighede tot nadeel van die

kind kan strek en verdere skade kan aanrig. Motshegoa (2011:4) beklemtoon dat daar van ouers verwag word om toegewyd te wees en betroubare beskerming aan hulle kinders te bied. Van Wyk (2011:214) is egter van mening dat ouers nie altyd oor voldoende fondse beskik om kinders te ondersteun nie.

- Die derde kategorie van subtema 2: **Gebrek aan hulpbronne.**

Al die deelnemers het dit beklemtoon dat daar te min hulpbronne is om kinders wat seksueel misbruik word, professioneel en na behore te ondersteun. Van die deelnemers het gemeld dat alhoewel die kerke en gemeenskappe om hulp genader word, daar min belangstelling is onder mense om as veiligheidsouers of pleegouers betrokke te raak. Uit die onderhoude het ook redes vir die gebrek aan hulpbronne, na vore gekom. Die deelnemers het melding gemaak van die volgende aspekte:

“Daar is meer hulpbronne beskikbaar om mense met kospakkies en klere te help as wat daar is vir die kind wat getraumatiseer is deur seksuele misbruik.”

“Ons het nie pleegouers nie. Ons het nie Plek van Veiligheidsouers nie. Dis ’n probleem.”

“Organisasies beskik nie oor fondse vir deskundige assesserings nie.”

“Die polisie gee nie altyd samewerking nie en weet nie altyd hoe om die situasie te hanteer nie.”

“Die vinnige samewerking van ander rolspelers is ’n probleem.”

“Beperkte hulpbronne – daar is nie pleegouers of veiligheidsouers nie.” Dis nie dat ek nie bemarking doen nie; ek het al die gemeentes in die omgewing al toegespreek en vir ouers gevra.”

Mendenhall (2007:277) meld dat maatskaplike werkers soms in omstandighede moet werk waar fondse en hulpbronne beperk is. Cussons (2011:26) is ook van mening dat meer fondse vir die ondersoeke van hierdie sake aan maatskaplike werkers beskikbaar gestel moet word ten einde die kind, die familie asook die gemeenskap te help. Volgens die navorsers is die gebrek aan hulpbronne dus ’n groot leemte – ’n situasie wat tot nadeel van die kind strek aangesien die

maatskaplike werker die ondersoeke dan nie deeglik, volledig en professioneel kan uitvoer nie. Hopkins (soos aangehaal deur Van Wyk, 2011:190) bevestig dat maatskaplike werkers wat op die gebied van seksuele misbruik werkzaam is, hulpeloosheid ervaar en dat die uitkoms van dienslewering beïnvloed word deur 'n gebrek aan hulpbronne. Die navorser is van mening dat die hantering van hierdie sake opsigself reeds hoë eise aan maatskaplike werkers stel. 'n Gebrek aan hulpbronne kan die hantering van hierdie sake nog meer kompliseer. Van Wyk (2011:65) beveel dus aan dat dit belangrik is dat die maatskaplike werkers oor die nodige kennis, vaardighede en hulpbronne moet beskik om dienslewering te vergemaklik.

Die basiese behoeftes van die kind is ook deur die deelnemers beklemtoon. Een deelnemer het die volgende in hierdie verband opgemerk: "*En dan ook is sommige van hulle so honger; so die basiese behoeftes is hier baie belangrik*". Volgens die navorser is hulpbronne ook nodig om na die kind se basiese behoeftes om te sien. Uit die studie blyk dit dat hulpbronne en die benutting daarvan tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders 'n funksionele rol vervul en dat dit vir die maatskaplike werker se voldoening aan haar rolvoreiste tydens hierdie ondersoeke belangrik is. Van Wyk (2011:1) lys sommige van die aspekte soos lae salaris, onvoldoende hulpbronne, lang ure van potensieel gevaarlike werk en die moontlikheid van regsaanspreeklikheid as faktore wat tot stres en frustrasie bydra. Hopkins (soos aangehaal deur Van Wyk, 2011:190) voer aan dat maatskaplike werkers, wat ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders doen, hulpeloosheid ervaar wanneer die uitkoms van dienslewering beïnvloed word deur 'n gebrek aan hulpbronne. Dus blyk dit duidelik dat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders nie alleen op die kind 'n impak het nie, maar ook op die maatskaplike werker wat by hierdie dienste betrokke is.

Uit die studie blyk dit vir die navorser dat sommige deelnemers wat nie samewerking van ander rolspelers ervaar nie, hierdie sake man-alleen en geïsoleerd hanteer. Die deelnemer wat haarself sien as die leidende persoon in die saak en ander professies as hulpbron benut, kom meer in beheer van die ondersoeke voor en word dit as positiewe uitdagings ervaar. Die navorser is verder van mening dat die multi-professionele spanbenadering, ouerbetrokkenheid waar moontlik, en die

beskikbaarstelling van die nodige hulpbronne noodsaaklik is en funksioneel benut moet word vir die deeglike en suksesvolle uitvoer van die ondersoeke.

7.3.1.3. Subtema 3: Optrede

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemers gemeld dat die professionele verpligting tot onmiddellike optrede, die verpligting om die saak wetlik aan te meld, kennis rakende die verbandhoudende wette en vaardighede 'n integrale deel van die maatskaplike werker se taakuitvoering moet wees. Al die deelnemers het tydens onderhoude ook bevestig dat sodanige optrede van die maatskaplike werker professionaliteit en konsekwentheid tot gevolg het. Hierdie vier kategorieë word voorts bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 3: **Verpligte onmiddellike optrede.**

Al die deelnemers het bevestig dat die professionele verpligting om onmiddellik op te tree, onlosmaaklik deel van die maatskaplike werker se optrede tydens hierdie ondersoeke uitmaak. Hierdie verpligte verantwoordelikheid is deur die deelnemers soos volg verwoord:

“n Mens voel half gejaagd as daar so 'n aanmelding by die kantoor kom. Ek sal dit beslis dieselfde dag hanteer, dis nie 'n aanmelding wat kan wag nie – ek ry nou!”.

“Seksuele misbruik is 'n saak wat onmiddellike aandag nodig het. Jy kanselleer al jou ander afsprake om dit prioriteit-aandag te gee.”

“Jy moet in jou motor klim ongeag die omstandighede en gaan. Jy sny jouself af van die res en jy gaan doen wat gedoen moet word.”

“Jy moet weet dat jy dadelik aandag moet gee, jy kan nie sê: ag, dit moet nou maar oorstaan tot volgende week, nie.”

“Sexual abuse cases are traumatic and are top priority cases.”

“Aanmelding van seksuele misbruik is ernstig – vir my is dit ernstig!”

“Aan seksuele misbruik moet jy dadelik aandag gee en jy moet dadelik reageer.”

Fouché (2007:3) wys daarop dat daar van opgeleide maatskaplike werkers wat die praktyk betree, verwag word om seksuele misbruik van kinders as komplekse probleem te hanteer. Die navorser is van mening dat, wanneer daar in die beste belang van die kind opgetree moet word, die maatskaplike werker se optrede berekend en sonder aarseling moet geskied.

- Die tweede kategorie van subtema 3: **Aanmelding van 'n kriminele klag.**

Sewe deelnemers het melding gemaak daarvan dat dit hul verantwoordelikheid is om 'n klag van seksuele misbruik te lê. Van die deelnemers het ook genoem dat ander persone ook die verantwoordelikheid het om dit aan te meld. Hulle menings was:

“Daar is vereistes waarna jy moet oplet, soos jy moet weet dat hierdie kind medies ondersoek moet word, daar 'n klag gelê word sodat die saak deur die kindereenheid ondersoek kan word.”

“Die ouers of jy moet 'n klag gaan lê dat die saak deur die kindereenheid ondersoek kan word.”

Die navorser is van mening dat die maatskaplike werker egter maar die verantwoordelikheid op hom/haar sal neem om toe te sien dat 'n klag gelê word, aangesien wetgewing dit vereis.

- Die derde kategorie van subtema 3: **Kennis van die verbandhoudende wette.**

Al die deelnemers het melding gemaak daarvan dat hul kennis van maatskaplike werk en kennis van die verbandhoudende wette rigtinggewend is in hul optrede as maatskaplike werkers tydens hierdie ondersoeke.

“My maatskaplikewerk-kennis maak dit moontlik want die ondersoek is my plig en my verantwoordelikheid.”

“Verder is kennis belangrik en veral van die Kinderwet en die beskermingsprocedure. Ook van die ander wette soos die Wet op Seksuele misdrywe. Professionele kennis is ook belangrik.”

“Jy het kennis – kennis van mense en van kinders en jare lank beskerm jy kinders. Wat baie belangrik is dat jy kennis van jou wette moet hê.”

“Die opleiding wat ek as maatskaplike werker ontvang het, die organisasie waarbinne jy werk en ook die Kinderwet.”

Die verbandhoudende wette sluit die Children’s Act No 32 of 2005 (SA, 2005) die Strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede), Wet 32 van 2007 (SA, 2007) en die Child Justice Act No 75 of 2008 (SA, 2008), in. Twee deelnemers het genoem dat hulle 38 jaar (deelnemer B) en 40 jaar (deelnemer H) onderskeidelik ondervinding het. Volgens deelnemer H gee hierdie jare ondervinding vir haar onderskeidingsvermoë en selfvertroue tydens hierdie ondersoeke. Sy stel dit soos volg: *“Om my rol te vervul kom outomaties. Die een ding wat dit maklik maak is ondervinding.”* Hierdie deelnemer het ook hierop uitgebrei en genoem dat, al het sy jare ondervinding, kennis van die wette uiterst belangrik is. Sy het genoem: *“Jy het kennis – kennis van mense en van kinders en jare lank beskerm jy kinders. Wat baie belangrik is, is dat jy kennis van jou wette moet hê.”*

Deelnemer B het egter ten spyte van jare lange ondervinding steeds onsekerheid ervaar. Haar aanhaling is soos volg: *“As jy nie weet wat om te doen nie, moet jy vir iemand vra en noem dat jy onseker is. Ons moet nie maak of ons alles weet nie.”* Die navorser is van mening dat ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders hoë-impaksake is. Selfs na jare se ondervinding het dit steeds 'n sterk invloed op die rolvoreistes wat aan die maatskaplike werkers gestel word. Parrot (2006:71) herinner die leser daaraan dat dit maatskaplike werkers se verantwoordelikheid is om op te tree, verantwoording te doen, bewyse te lewer en hofverslae te skryf. Betrokkenheid by die hof is dus onvermydelik. Die navorser is van mening dat dit verstaanbaar is dat die deelnemer 'n sterk behoefte aan kennis van die verbandhoudende wette ervaar omrede dit die deelnemer meer selfvertroue gee. Morales *et al.* (2010:2) beskou kennis as een van die kernelemente van maatskaplikewerk-praktyk en bevestig dat kennis die basis is waarop optrede volg.

- Die vierde kategorie van subtema 3: **Vaardighede.**

Vaardighede is uitgelig as synde nodig en belangrik vir die maatskaplike werker ter uitvoering van hierdie ondersoeke. Liefde vir mense, empatie, leiding neem, samewerking en deeglikheid was die vaardighede waarvan die meeste deelnemers melding gemaak het. Hulle noem die volgende:

“Die groot ding hier is maar empatie. En jy as maatskaplike werker moet sterk staan vir die kind.”

“Ek dink vaardighede wat jy ontwikkel het soos empatie.”

“Ek kan hierdie rol vervul uit my liefde vir mense.”

“Dis belangrik om te alle tye objektief te kan bly.”

Morales *et al.* (2010:31) bevestig dat maatskaplike werkers se professionele hulp gefokus is op die behoeftes van kliënte en dat spesifieke kennis, waardes en vaardighede benodig word om hulp te kan verleen. Joubert (2003: 2) sluit hierby aan en brei uit dat maatskaplike werkers se kennisbasis rakende seksuele misbruik en die behandeling daarvan beperk is. Volgens die genoemde outeur is die identifisering en behandeling van seksuele misbruik van kinders slegs moontlik indien die maatskaplike werker oor gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik. Van Wyk (2011:43) maak melding van 'n oop gemoed, empatie, toewyding en deernis vir ander, as vaardighede waарoor maatskaplike werkers moet beskik.

Uit die studie blyk dit duidelik dat sekere optredes van die maatskaplike werker 'n duidelike rolvoreiste is en dat die maatskaplike werker oor bepaalde vaardighede moet beskik om sake van seksuele misbruik te kan hanteer. Daarmee saam sluit hierdie spesifieke optrede ook die verpligte, verantwoordelikheid om die saak aan te meld en genoegsame kennis van die verbandhoudende wette in.

7.3.1.4. Subtema 4: Emosionele volwassenheid

Die meerderheid deelnemers het gemeld dat emosionele volwassenheid nodig is om aan die rolvoreistes te kan voldoen. Emosionele volwassenheid is die vermoë van 'n

persoon om die self en ander se gevoelens en emosies te kan peil, tussen die emosies en gevoelens te kan onderskei, emosies effektief te kan reguleer en die emosies aan te wend vir beplanning en om aksies uit te voer (Salovey & Mayer, 1994:19-20). Vir die navorsing dui emosionele volwassenheid dus op 'n persoon se vermoë om sy/haar eie emosies sowel as die van andere te kan beheer, tussen verskillende emosies te kan onderskei, verskeie situasies emosioneel te kan oorweeg en dienooreenkomsdig volwasse daarop te kan reageer. Hoewel emosionele volwassenheid ook 'n rolverwagting kan wees, het die navorsing dit onder die tema rolvereiste ingedeel en word dit vir doeleindes van die studie as 'n vereiste beskou. Van Wyk (2011:58) stel dit as 'n vereiste dat die maatskaplike werkers oor die vermoë moet beskik om die emosionele impak van hierdie ondersoeke te begryp en dit as bron te gebruik om die familie se gedrag en ook eie gedrag te kan verstaan. Dít dan, is 'n aanduiding van emosionele volwassenheid.

- Die eerste kategorie van subtema 4: **Eienskappe van die self**

Die meerderheid deelnemers het eienskappe van die self soos selfkennis, selfvertroue, ego-sterkte en innerlike self-sterkte as eienskappe van emosionele volwassenheid genoem. Vir verskeie deelnemers was selfkennis 'n belangrike komponent. Hulle opmerkings was soos volg:

“Ek dink maar jou innerlike sterkte moet daar wees want seksuele misbruik is nie 'n maklike ding om te ondersoek nie.”

“Jy as maatskaplike werker moet sterk staan vir die kind want die kind kan nie noodwendig sterk staan nie. Die kind moet sien ek is die sterk een – al vat hierdie goed aan ons lyf! Jy moet in jouself glo!”

“Self-knowledge is very important.”

“Therefore I need knowledge and skills to understand every sexual abuse case is unique. I must understand myself and my own feelings because I am only a human being.”

Emosionele volwassenheid is nodig sodat die maatskaplike werker oor die vermoë kan beskik om die emosionele impak van die werk te kan begryp. Deur emosionele volwassenheid kan die kind, dié se familie en ook eie gedrag verstaan word (Van Wyk, 2011:58).

- Die tweede kategorie van subtema 4: **Ander eienskappe.**

Die deelnemers het nog ander eienskappe van emosionele volwassenheid bygevoeg soos sensitiwiteit vir die nood van ander, objektiwiteit, deursettingsvermoë en emosionele stabiliteit. Daar word van maatskaplike werkers verwag om oor spesifieke eienskappe, naamlik deeglikheid, emosionele stabiliteit en deursettingsvermoë te beskik. Daarsonder sal maatskaplike werkers nie hierdie ondersoeke volledig kan afhandel nie. Die deelnemers het dit soos volg verduidelik:

“Jy moet nie oor-emosioneel wees nie, maar rustigheid hê in die hantering van die saak.”

“As jy as maatskaplike werker nie emosioneel kan ‘cope’ nie, moet jy nie die werk doen nie.”

“I must be constant and act professional.”

“Die sake vereis deursettingsvermoë en jy moet in jouself glo.”

Volgens Van Wyk (2011:216) is dit 'n realiteit dat hierdie sake onsekerheid, vertwyfeling en ook feilbaarheid omvat. Die navorsing is van mening dat die maatskaplike werker emosionele volwassenheid moet openbaar om te verseker dat sy/hy nie in die proses faal nie. Die navorsing is verder van mening dat emosionele volwassenheid van die uiterste belang is in die rolfunksionering van die maatskaplike werker wat sodanige ondersoek doen. Seksuele misbruik van kinders is 'n tendens wat verrekende gevolge vir die kind en sy/haar gesin inhou, en die emosionele intensiteit van hierdie sake is dikwels uiters hoog (Meiring, 2013:7). Van Wyk (2011:1) sluit hierby aan: "Maatskaplike werkers wat intervensie bied aan seksueel misbruikte kinders, werk in 'n emosioneel hooggelaide omgewing waar die moontlikheid vir stres groot is." Volgens die navorsing is emosionele volwassenheid dus van die uiterste belang en ook 'n rolvoreiste vir die maatskaplike werker tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. Daarsonder kan dit aanleiding gee tot subjektiwiteit en emosionele betrokkenheid wat nie in die beste belang van die kind sal wees nie.

7.3.2. TEMA 2: ROLVERWAGTINGE

Die rolteorie van Maatskaplike Werk is tydens die onderhoudvoering verken en die deelnemers het waardevolle insette ten opsigte daarvan gelewer. In die konteks van die navorsing is die tweede tema rakende die rolbegrip/rolteorie, naamlik die rolverwagtinge van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders, geïdentifiseer.

Rolverwagtinge word gedefinieer as 'n handeling, gebeure en dit wat van 'n persoon verwag kan word (Kritzinger & Labuschagne, 1982:1223). Mendenhall (2007:275) verduidelik rolverwagtinge soos volg: "Role expectations are the expectations for the behavior of an individual in a certain position. Expectations relate to how a role makes an individual behave." Die meerderheid deelnemers het tydens hulle ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders melding gemaak van rolverwagtinge as behoeftes, om aan die rolvereistes te kon voldoen. Die volgende drie subtemas is geïdentifiseer en word uitgelig.

7.3.2.1. Subtema 1: Ondersteuning en ontlading

Die rolverwagtinge van die maatskaplike werker is verkry uit die verbatim-response van die deelnemers tydens die onderhoudvoering. Die deelnemers het aangedui dat hulle ondersteuning nodig het en dat hulle tydens en na die ingryping behoefte het daaraan om te kan ontlaaai. Fisiese ondersteuning, emosionele ontlading sowel as die verskil tussen ontlading en supervisie is die drie kategorieë van subtema 1. Die drie kategorieë word vervolgens bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 1: **Fisiese ondersteuning**

Die meerderheid deelnemers het bevestig dat hulle gedurende hierdie ondersoeke fisiese ondersteuning nodig het. Aangesien seksuele misbruik hoëprioriteit-sake is, verkies die deelnemers om sulke sake nie man-alleen te ondersoek nie. In sommige organisasies is dit beleid dat maatskaplike werkers deur 'n kollega vergesel moet wees tydens hierdie ondersoeke ("Dis beleid by ons kantoor dat hoëprofiel-sake nie alleen hanteer word nie."). Een van die deelnemers het die werk op die platteland as 'n groot aanpassing ervaar, want in 'n stadskantoor het hul werkers nooit alleen op

sulke sake uitgegaan nie (“*In 'n stadskantoor het ek nooit alleen uitgegaan na 'n saak nie - hier is niemand wat ek kan saamvat nie.*”). Die deelnemers se reaksies was:

“*Soms daag die polisie nie op nie - daardie vyf minute se wag vir die polisieman is dalk die vyf minute wat te laat is ...*”

“*Ek het ondersteuning met hierdie sake nodig. Die grootste probleem in die kantoor is mannekrag. Al die ondersoeke en aanmeldings doen ek alleen. En dis nie aldag vir my veilig of lekker nie.*”

Volgens die deelnemers poog maatskaplike werkers om die polisie vir ondersteuning te vra, maar dit blyk uit die studie dat dit nie altyd realiseer nie. Deelnemers staan dus gereeld voor die uitdaging dat daar geen fisiese ondersteuning vir hulle tydens ondersoeke na hierdie sake is nie. Die wete dat daar 'n kollega of net nog 'n personeellid teenwoordigheid is, skep 'n gevoel van veiligheid. Van Wyk (2011:187-188) is ten opsigte hiervan van mening dat maatskaplike werkers wat hierdie ondersoeke doen die ondersteuning van hul werkneemers nodig het. Die outeur brei verder uit dat die organisasie ook sekere verantwoordelikhede moet aanvaar. Stone (1990:2) sluit hierby aan dat indien die maatskaplike werker nie die nodige ondersteuning ontvang nie, die werker sowel as die kind aan wie dienste gelewer word, daaronder sal ly.

- Die tweede kategorie van subtema 1: **Emosionele ondersteuning**

Die behoefte om net teenoor 'n persoon te kon ontlai oor dit wat tydens die ondersoek na vore gekom het, was 'n sterk behoefte by die meerderheid deelnemers. Hulle menings was soos volg:

“*Dit hoef nie 'n supervisor te wees nie teenoor wie ek ontlai nie. Vat maar die sekretareesses – hulle weet baie keer meer wat op die lêers aangaan uit die aard van hulle werk. Jy kan met haar praat. En al is dit enige kollega waar jy kan gaan sit en al sit jy net daar en huil jou oë uit – die goed wat ons sien is slegte goeters.*”

“Met ontlading hoef dit nie net jou supervisor te wees nie - al is dit enige kollega waar jy net kan gaan sit en jou oë uithuil.”

“n Mens moet oor dit kan praat tydens so 'n ondersoek – om net 'n medekollega te hê as 'n klankbord.”

Indien maatskaplike werkers nie ondersteuning ontvang vir die emosionele eise wat ondersoeke na seksuele misbruik van die kinders aan hulle stel nie, kan dit lei tot die standaardisering van werk, die ignorering van bewerings van misbruik en weerstandige maatskaplikewerk-praktyke (Trotter, 2004:168; Waters, 1992:33). Brookes *et al.* (2007:153) bevestig ook: “Feelings of tension, anxiety, frustration and job dissatisfaction have all been attributed to role strain and impact not only on the individual but the organization as well.”

- Die derde kategorie van subtema 1: **Verskil tussen ontlading en supervisie**

Sewe deelnemers het tydens die onderhoudvoering duidelik onderskeid getref tussen ontlading en supervisie. Een deelnemer het dit so verduidelik: *“Met ontlading soek jy ondersteuning, begrip en net om te ontlaaai en die dinge uit jou sisteem te kry. Met supervisie is dit meer professioneel – het ek korrek opgetree en wat kon ek anders doen.”* 'n Volgende deelnemer het dit soos volg verwoord: *“I will need support from my work, like an open door policy and supervision.”* Van hulle ander opmerkings was: *“Supervisie is waar jy doelgerigte leiding nodig het om 'n saak te hanteer. Ek dink nie supervisie moet gepaard gaan sonder ontlading nie. Maar dit gebeur nie noodwendig gelyktydig nie. Al kry ek nie supervisie nie het ek nog steeds ontlading nodig. Ontlading kan nie wag nie. Supervisie kan wag.”*

Dit blyk dus uit die studie dat ontlading tydens ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders vir die maatskaplike werker van die uiterste belang is om haar rol suksesvol te kan vervul. Cheung en Boutte-Queen (2000:1614) is van mening dat “unresolved feelings can bring ineffective services to clients. If these unresolved feelings are not adequately addressed, the process of counter-transference can block the opportunity to be objective; thus allowing personal feelings to influence client treatment.” Dit blyk dus vir die navorsers dat die behoefte om dadelik of so gou as moontlik emosioneel te ontlaaai, nie kan wag en uitgestel word nie. Supervisie

daarenteen kan wag en later plaasvind alhoewel dit uit 'n ander funksionele perspektief gesien, ontlading en ondersteuning is. Van Wyk (2011:90) is van mening dat supervisors die verantwoordelikheid dra om 'n gesonde klimaat en omgewing te skep sodat dit die welstand van maatskaplike werkers bevorder. Dit blyk dat ontlading 'n onmiddellike behoefté is wat die deelnemer ervaar, terwyl supervisie kan geskied na 'n tydsverloop en dat supervisie dan steeds sinvol kan wees.

7.3.2.2. Subtema 2: Goeie verhoudinge

Goeie verhoudinge met kollegas sowel as ander professies is tydens die studie geïdentifiseer. Die voordeel van handhawing van goeie verhoudinge kan effektiewe multiprofessionele spanbenadering tot gevolg hê. Hierdie twee kategorieë word vervolgens bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 2: **Verhoudinge met kollegas**

Die navorsers het bevind dat ses deelnemers ook goeie verhoudinge met kollegas belangrik ag. Dit blyk dat dit vir die deelnemers gerusstellend is om te weet daar word goeie verhoudinge met kollegas gehandhaaf en daar kan op kollegas tydens hierdie ondersoek staatgemaak word. Die deelnemers se reaksies was:

“Gelukkig ondersteun die ander organisasies hierdie kantoor en kan ek enige tyd van die organisasies se kollegas bel vir ondersteuning.”

“Ek praat ook graag met een van my kollegas van 'n ander nie-regeringsorganisasie.”

“Ek het darem my kollegas en so nou en dan sal ek met een gaan praat.”

Sheafor en Horejsi (2006:8) sowel as Van Wyk (2011:40) benadruk dat mense sosiale wesens is wat ander mense nodig het en dat aandag gegee moet word aan die interafhanklike dimensies van die persoon, naamlik biologies, intellektueel, emosioneel, sosiaal, spiritueel, ekonomies en gemeenskaplik. Die individu word as

‘n holistiese wese geag. ‘n Individu se groei en ontwikkeling word verkry deur die beskerming en leiding wat ander individue voorsien. Hierdie interafhanklikheid van mense en die mag van sosiale verhoudings bevorder sosiale funksionering. Volgens die navorser is die goeie verhoudinge wat met ander kollegas gehandhaaf word, bevorderlik en ‘n bron van sekuriteit vir die maatskaplike werker wat hierdie ondersoeke doen.

- Die tweede kategorie van subtema 2: **Verhoudinge met ander professies**

Een deelnemer het die volgende stelling gemaak: “*Ek gaan praat so af en toe na ‘n vriendin wat ‘n sielkundige is vir wie ek net kan sê hoe ek voel en dit net met iemand kan bespreek*”. Indien die maatskaplike werker sy/haar taak as bestuurder van die betrokke saak sien, is goeie verhoudinge en kommunikasie met onderlinge rolsprekers van onskatbare waarde vir die ondersoek. (“*Ek praat met al die ander professies sover ek gaan – soos wat ek die inligting deurgee aan al die betrokke professies wat ‘n rol speel, raak dit al ligter in my eie gemoed. Goeie verhoudinge is uiters belangrik.*”)

Die navorser het die vertroulikheidsaspek hier bevraagteken. Uit die studie het dit geblyk dat die deelnemers vertroulikheid handhaaf maar die meeste het dit nie in die verband geverbaliseer nie. Een deelnemer het haar verbaal baie duidelik hieroor uitgedruk: “*Want inligting is vertroulik en veral as jou man ook in ‘n beroep staan waar hy met mense werk en met sulke dinge werk is inligting ekstra vertroulik.*” Volgens Terblanche (soos aangehaal deur Van Wyk, 2011:110) behoort ‘n werknemer ondersteuning van die werkewer te kry sodat daar balans tussen die sisteme kan wees waarbinne hulle funksioneer. Goeie verhoudinge met ander professies is ‘n belangrike roloverwagting by die maatskaplike werker en baie nodig vir effektiewe funksionering.

7.3.2.3. Subtema 3: Tyd

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemers gemeld dat min tyd beskikbaar is om die ondersoeke te kan afhandel. Volgens sommige deelnemers was dit ‘n

gejaagde proses en was daar nie voldoende tyd om aandag aan die betrokke kind se behoeftes te gee nie. Hierdie twee kategorieë word vervolgens bespreek:

- Die eerste kategorie van subtema 3: **Emosionele behoeftes van die kind**

Vier van die deelnemers het by die belang van die kind aangesluit deur klem te lê op die emosionele ondersteuning aan die kind tydens die ondersoekproses. Een van die opmerkings was soos volg: *“Dis belangrik om te weet wat is die kind se behoeftes op daardie stadium; die behoefte om érens te behoort en te weet iemand gee om want hulle is klaar so weerloos.”* Volgens hierdie deelnemers is dit dus nie net belangrik om die kind fisies tydens die ondersoekproses te beveilig en te versorg nie, maar hom/haar ook emosioneel te ondersteun. Een deelnemer het egter bygevoeg dat die proses en prosedure om 'n kind te beveilig soveel tyd in beslag neem dat daar nie geleentheid is om na die kind se behoeftes om te sien nie (*“Daar was so min tyd, als was so gejaagd om die vorm 36 en al die prosedure afgehandel te kry. Jy moet die ondersoek doen, verslag skryf en jy moet nog hof toe gaan”*).

Volgens die navorser is daar maatskaplike werkers wat so sterk op korrekte optrede en prosedure fokus dat die belangrike aspek, naamlik die kind se emosionele welstand, misgekyk word. Die beste belang van die kind behoort te alle tye eerste in ag geneem te word en dit blyk dat die kind benadeel word indien dit afgeskeep word. Van Wyk (2011:212) is van mening dat dit vaardighede verg om met kinders te werk en dat dit druk op maatskaplike werkers plaas. Die navorser skryf dit toe aan die feit dat maatskaplike werkers hulle verantwoordelikheid teenoor die kind as 'n hoër prioriteit beskou as hul verantwoordelikheid teenoor die volwassene.

- Die tweede kategorie van subtema 3: **Beperkte tyd**

'n Geringer aantal deelnemers het melding gemaak van die nadadel van te min tyd om aandag aan die sake te skenk. Van die deelnemers het genoem:

“Daar is te min tyd, ek was so gejaagd om als volgens prosedure te doen.”

“Die tydsverloop in die proses is 'n frustrasie.”

Die navorser is van mening dat beperkte tyd 'n rede kan wees waarom maatskaplike werkers nie by die emosionele behoeftes van die kind tydens hierdie ondersoek uitkom nie. Van Wyk (2011:62) meld dat maatskaplike werkers dieselfde ervaring en emosies oor seksuele misbruik het as die res van die gemeenskap, maar dat hulle geneig is om ten koste van hulself op die behoeftes van die kinders te fokus en hul eie behoeftes te verwaarloos. Volgens die navorser neem procedures baie tyd in beslag en moet die maatskaplike werkers groot gevallenladings hanteer en is daar dan nie tyd beskikbaar om aandag aan die kinders se behoeftes te skenk nie. Vyf deelnemers het die tydsverloop van hierdie sake uit 'n ander perspektief gesien. Tydsverloop is 'n leemte omdat die seksueel misbruikte kind nie terapie kan ontvang alvorens die saak afgehandel is nie. Een deelnemer was van mening: "*Vir hierdie kind om te wag vir die hofsaak - ek dink dis makliker om die kind vir terapie te verwys en te vergeet van die hofsaak*". Die deelnemers het laat blyk dat die tydsverloop frustrasies oor hierdie sake laat opbou ("*Die proses is traag en dis 'n vreeslike frustrasie'n mens - raak moedeloos en wonder ... is daar 'n doel om die sake aan te meld.*") Van Wyk (2011:63) verduidelik dat maatskaplike werkers magteloosheid ervaar weens die onvermoë om die uitkoms van dienslewering te beïnvloed.

7.3.3. TEMA 3: EMOSIONELE BEHOEFTES

Die psigososiale behoeftes van die deelnemers is tydens die semi-gestrukteerde onderhoudvoering verken. Die emosionele behoeftes van die deelnemers het sterk na vore gekom. Positiewe emosionele behoeftes en negatiewe emosionele behoeftes kon onderskei word. Maatskaplike werkers wat ondersoek na die seksuele misbruik van kinders doen, ervaar verskillende emosionele reaksies (Cussons, 2011:26). Cheung en Boutte-Queen (2000:1614) sluit hierby aan: "In the various roles played by social workers, these professionals are not immune to the vulnerability of being exposed to traumatized feelings. Working with survivors of sexual abuse is susceptible to having personal emotional responses." Van Wyk (2011:61-62) wys daarop dat dit blyk dat ondersoek na die seksuele misbruik van kinders emosioneel uitdagend is en verskeie vaardighede van maatskaplike werkers

verg. Maatskaplike werkers ervaar hoë stresvlakke, sterk emosies en tydsdruk. Twee subtemas is geïdentifiseer en word vervolgens bespreek.

7.3.3.1. Subtema 1: Positiewe emosionele behoeftes

Die begeerte om oor die emosionele gevoelens te kan praat en emosies te kan onlaai was by elke deelnemer teenwoordig. Al die deelnemers het sterk behoefte aan ontlading getoon. Ontlading word hier volgens die navorser as 'n positiewe emosionele behoeftes by die deelnemers geïdentifiseer. Ontlading het hier verligting gebring van die intense emosies wat die ervaringe meebring. Vervolgens word hierdie aspek meer breedvoerig bespreek. Die meerderheid deelnemers het intense emosies tydens hierdie ondersoek ervaar en het die volgende opmerkings gemaak:

“Working with sexual abuse cases is difficult and sometimes you feel overwhelmed. We have to talk about our experiences and our challenges.”

“Die behoeftes om hierdie ervarings wat jy gehad het met iemand te deel - terwyl die kind met my gepraat het, het my nekhare gerys!”

“As jy 'n gesin het, kan jy nie vir hulle wys hoe ontsteld jy vandag was nie!”

“Al daardie gevoelens belewe ek - dis altyd goed om dit met iemand te bespreek.”

Die kind vertel en onlaai soms teenoor die maatskaplike werker voordat hy/sy die saak kan verwys (“Baie van hierdie kinders is klein en die goed wat uitkom voordat jy kan keer of dit na iemand kan verwys ... is erge goed, is traumatiese goed! Dit help om met iemand daaroor te gesels.”). Een deelnemer het die hele dinamika van hierdie ervaringe soos volg saamgevat: “Maar materiële nood is nie 'n sielsdimensie nie; jy kry fisies swaar maar jy kan nog steeds gelukkig wees. Met seksuele misbruik word jou emosies aangetas, jou siel word aangetas, jou liggaam word aangetas ... jou liggaam reageer op goed. So ek dink dis erger trauma vir 'n kind as enigets anders.” Uit genoemde standpunte lyk dit vir die navorser asof ontlading na ervaringe wat hierdie hoë-intensiteitsake meebring, uiters belangrik en noodsaaklik is. Die navorser is verder van mening dat onmiddellike ontlading verligting in maatskaplike werkers se gemoed bewerkstellig en dat hulle weer perspektief verkry

en persoonlik deel met dit wat hulle tydens die ondersoekervaar. Geen ontlading blyk opgekropte emosies, meer spanning, stres en selfs uitbranding mee te bring. Een deelnemer het 'n ander positiewe emosionele behoeftes, naamlik die ervaring van verligting, genoem en het dit soos volg geverbaliseer: "*Ek ervaar verligting as dinge tot 'n punt kom ... as ek duidelikheid kry oor wat aan die gang is.*" Dieselfde word deur nog 'n deelnemer ervaar: "*Ek raak baie gou rustiger as daar 'n plan is.*". Rankin (2005:264) verduidelik dat stres voorkom wanneer die maatskaplike werker onsekerheid ervaar oor wat presies in so 'n situasie gedoen moet word en wat verwag word. Van Wyk (2011:223) sluit hierby aan en meld dat een van die mees uitdagende aspekte van die professionele rol wat maatskaplike werkers moet vervul, te make het met die hantering van emosies. Die auteur voeg verder by dat die organisasie 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die emosionele welstand van werknemers en dat dit aandag moet geniet. Die navorsers is van mening dat dit vir maatskaplike werkers uiters belangrik is om te ontlai en dat dit in organisasies en onder kollegas aangemoedig moet word.

7.3.3.2. Subtema 2: Negatiewe emosionele behoeftes

Die meerderheid emosionele behoeftes wat deelnemers tydens ondersoek na seksuele misbruik van kinders ervaar het, was negatiewe behoeftes en gevoelens – die behoeftes om gevoelens van spanning, onsekerheid, woede, emosionele moegheid, frustrasies, magteloosheid, hartseer, jammerte en onttrekking, wat die mees algemene emosies en gevoelens wat ervaar is, te kan vermy. Hierdie gevoelens is in kategorieë ingedeel en word vervolgens bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 2: **Onsekerheid en spanning**

Gevoelens van onsekerheid en spanning het by al die deelnemers voorgekom. Een deelnemer vertel dat hierdie emosies ervaar word na die aanmelding nog voor kontak met die saak gemaak is ("*Op pad na die adres het ek onsekerheid en spanning ervaar.*"). Van die deelnemers het ook die volgende gesê:

*"My eerste persoonlike gedagte is om te hoop dit is nie so nie ...
opleiding berei jou glad nie voor vir hierdie goed nie!"*

“Die sake bring baie spanning mee.”

“Die begin van so ’n ondersoek bring vir my spanning want daar is soveel onsekerhede.”

Die indruk wat hier gelaat word, is dat die deelnemers soveel onsekerheid het oor die hantering van die ondersoeke dat hulle die behoefté daaraan voel om dit eerder ten alle koste te vermy. Van Wyk (2011:62) is van mening dat ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders een van die mees komplekse gebiede in Maatskaplike Werk is waar daar van professionele persone verwag word om besluite te neem. Vir die navorsing is dit kommerwekkend dat sommige maatskaplike werkers hierdie ondersoeke moet doen wanneer hulle nie genoegsaam toegerus en opgewasse voel vir die hantering van hierdie hoëprioriteit-sake nie. Die navorsing is van mening dat dit die maatskaplike werker se verantwoordelikheid is om te bepaal of hierdie haar/sy belangstellingsveld is. Die gepaardgaande onsekerheid en spanning kan vir sodanige maatskaplike werker traumatis wees.

- Die tweede kategorie van subtema 2: **Woede/kwaad**

Die meerderheid deelnemers het gevoelens van woede/kwaad uitgespreek oor die gebeure van seksuele misbruik en teenoor die beweerde oortreder sowel as teenoor die ouers. Sommige deelnemers het hierdie gevoelens van woede ook tot persone in die algemeen gerig:

“Ek het verskriklik kwaad gevoel teenoor hierdie man.”

“Ek het verskriklike woede ervaar ... hoe kon hierdie mamma toelaat dat dit gebeur?”

“Ek word kwaad vir die oortreder en sukkel om met die oortreder te werk.”

“Weet jy een van die eerste goed wat met my gebeur, is: ek word kwaad. Ek word kwaad om te dink iemand misbruik ’n kind. So ek dink woede is by my ’n groot faktor.”

"I feel angry that a normal functioning person with a brain can do such a thing to a child."

"Ek was kwaad - dis die slegste ding wat met 'n kind kan gebeur."

Volgens Cheung en Boutte-Queen (2000:1617) is woede 'n algemene emosie wat maatskaplike werkers tydens hierdie ondersoek kan ervaar. Een deelnemer het wel genoem dat sy nie woede beleef nie maar het haar emosionele behoeftes en ervaring soos volg beskryf: *"Ek word nie kwaad nie maar raak maklik geskok en sulke sake laat my bekommerd voel. Ek voel baie keer oorweldig en ervaar baie druk. Ek voel ook gejaagd want ek besef almal verwag dat ek onmiddellik moet help maar ek kan nie. Dan voel ek vies vir myself omdat ek nie onmiddellik kan help en doen wat verwag word nie."* Hierdie gevoelens van teleurstelling kan volgens Cheung en Boutte-Queen (2000:1617) ook ervaar word maar kom nie so algemeen voor nie. Dit lyk vir die navorsing asof gevoelens van woede die mees algemene reaksie van die deelnemers op hierdie ervaringe is en dat hulle sekerlik behoeft het daaroor dat hulle hierin ondersteun moet word.

- Die derde kategorie van subtema 2: **Frustrasie en magteloosheid.**

Die meerderheid deelnemers het ook gevoelens van frustrasie en ook magteloosheid tydens hierdie ondersoek ervaar. Die oorsake van hierdie gevoelens was weens verskillende redes. Een deelnemer wat 'n vermoede van seksuele misbruik van die kind gehad het, het die volgende gesê: *"Ek het verskriklike frustrasie beleef - jy vermoed hierdie goed gebeur met haar"*. Een deelnemer het die gevoelens ervaar uit ongeloof dat die seksuele misbruik in die verlede misgekyk was en dit so gestel: *"Ek ervaar ook frustrasie en magteloosheid - en wonder hoekom het mense dit nie vroeër opgetel nie."* 'n Paar deelnemers het frustrasie en magteloosheid ervaar as gevolg van die wanhopige vrae wat die kind gestel het. Hulle het dit soos volg verwoord:

"I feel frustrated towards the vulnerability of the child and all the questions of the child."

The child asks me: 'Why is this happening to me?'

Van Wyk (2011:63) verduidelik dat maatskaplike werkers 'n gevoel van magteloosheid ervaar en nie net as gevolg van die emosies wat deur die kinders weergegee word nie, maar ook weens die onvermoë om die uitkoms van die dienslewering te kan beïnvloed. Currie (2001:39) is van mening dat elke individu gevoelens wat deur stresvolle situasies veroorsaak word, op sy/haar eie individuele wyse hanteer. Dit mag daar toe lei dat die standaard van werkverrigting verlaag word of dat irritasie kan voorkom wat onder ander woede en emosionele uitbarstings tot gevolg kan hê. Die navorser is van mening dat emosionele ervaringe vervleg is en nie losstaande elemente is nie. Die individualiteit van die persoon bepaal hoe hy/sy daarop gaan reageer.

- Die vierde kategorie van subtema 2: **Hartseer en jammerte**

Die meerderheid deelnemers erken dat hulle hartseer raak en huil tydens hierdie ondersoeke. Na ervaringe tydens so 'n ondersoek het een deelnemer die volgende opmerking gemaak: "*Ek het letterlik in die stort gestaan en huil oor die kind want 'n mens weet nie wat om met hierdie gevoelens te doen nie. Vir my is dit 'n 'tool' – 'n plek of geleentheid om te ontlaii.*" Ander deelnemers het openlik erken dat hulle intense hartseer tydens hierdie ondersoeke ervaar. Hul menings word aangehaal:

"Ek raak verskriklik hartseer vir kinders wat seksueel misbruik word."

"Hartseer om te dink hierdie dogterjie moet deur so baie goed gaan."

"Ek raak baie hartseer vir 'n kind want hulle is nie veronderstel om daardeur te gaan nie."

Van die deelnemers ervaar ook 'n intense gevoel van jammerte vir hierdie kinders tydens hierdie ondersoeke ("*Jammerte vir die kind - dat jou hart net vir hierdie kind bloei wat deur al die trauma gaan.*".) Vir een deelnemer is die skade wat hierdie kinders berokken word onherstelbaar. Sy het die volgende gesê: "*Ek is baie jammer vir 'n kind wat hierdeur gaan want ek voel hulle herstel nooit werklik daarvan nie.*" Cheung en Boutte-Queen (2000:1617) openbaar dat maatskaplike werkers tydens hierdie ondersoeke bepaalde emosionele reaksies toon: "...suffered from symptoms such as crying..." Bogenoemde emosionele behoeftes word deur Van Wyk

(2011:232) beaam en noem dat sensitiewe inligting waarmee gewerk word, veroorsaak dat maatskaplike werkers op persoonlike en emosionele vlak daardeur geraak word. Kinders wat by hierdie ondersoek betrokke is, deel sensitiewe inligting met maatskaplike werkers en dit het 'n geweldige emosionele impak op die werker. Die outeur is verder van mening dat hierdie ervaringe later by maatskaplike werkers aanleiding kan gee tot beroepstres, en nog later, uitbranding. Die navorser is van mening dat indien maatskaplike werkers nie voorberei word ten opsigte van die emosionele eise wat hierdie sake kan inhou nie, sodanige werker onkant betrap mag word deur die emosionele impak wat dit op hom/haar kan hê.

- Die vyfde kategorie van subtema 2: **Onttrekking/isolasie**.

Twee deelnemers het gemeld dat hulle tydens hierdie ondersoek die behoefté aan onttrekking en isolasie ervaar. Een deelnemer het genoem dat sy haar na so 'n dag onttrek stil te raak en eie ding te doen om afstand te probeer kry. Sy het dit soos volg verduidelik: "*Na so 'n dag raak ek stil, doen my eie ding en kry afstand.*" Distansiëring was ook vir 'n ander deelnemer noodsaaklik om objektiwiteit te handhaaf omdat sy ook met die ouers moes werk. Sy het genoem: "*Daar moet distansie wees. Ons werk nog steeds met die ouers ook.*" Van Wyk (2011:230) verduidelik dat die gevoel van onttrekking/isolasie by maatskaplike werkers voorkom en verklaar dat hul gesinne en vriende nie die nodige begrip het vir die beroep of die realiteite daarvan besef nie. Die outeur is verder van mening dat maatskaplike werkers hulle weens die sensitiewe aard van die ondersoek onttrek om vir hulle sin daaruit te probeer maak. Volgens die navorser speel individualisme 'n groot rol oor hoe maatskaplike werkers emosioneel tydens hierdie ondersoek reageer. Dit blyk dus duidelik dat daar meer negatiewe emosies as positiewe emosies deur maatskaplike werkers ervaar word wanneer hulle hierdie ondersoek doen. Die hoë emosionele intensiteit van hierdie sake en die invloed wat dit op die maatskaplike werker se funksionering het, mag nie misgekyk word nie.

7.3.4. TEMA 4: FISIESE BEHOEFTES

Die psigososiale behoeftes van die deelnemers is tydens die semi-gestrukteerde onderhoudvoering bespreek en die fisiese behoeftes wat deelnemers ervaar het, is

geïdentifiseer. Sheafor en Horejsi (2006:30) beklemtoon dat die maatskaplike werker haar eie fisiese beperkinge, belemmeringe en gesondheid in ag moet neem wanneer 'n veld van maatskaplike werk gekies word om in te werk. Volgens hierdie outeurs moet daar 'n gesikte passing tussen die maatskaplike werker se fisiese en emosionele stamina en die eise van die betrokke veld bestaan. Tydens die studie is twee subtemas geïdentifiseer en word vervolgens bespreek.

7.3.4.1. Subtema 1: Fisiese simptome

Al die deelnemers het fisiese simptome tydens ondersoek na seksuele misbruik van kinders ervaar. Die simptome van die deelnemers sluit in: hoofpyne, liggaamlike moegheid, kners op tande, liggaamlike spanning en spierspasma, angstigheid, toename in die rookgewoonte, veranderde slaap-en eetgewoontes en behoefté aan self-reiniging. Die volgende besprekking handel oor genoemde fisiese simptome.

Een deelnemer was onbewus van hoe spanningsvol hierdie ondersoek vir haar is totdat sy bewus geraak het van fisiese simptome wat sy ervaar. Volgens haar het sy besef dat sy snags en later selfs bedags op haar tande kners. Sy vertel die volgende: "*Ek het agtergekom dat ek snags op my tande kners. En nou die dag toe ek ry toe voel ek my kake is seer – toe eers kom ek agter dat ek ook bedags op my tande kners*". Hierdie deelnemer ervaar ook ander fisiese simptome soos nek- en spierspasma wanneer sy sake rakende seksuele misbruik ondersoek. 'n Ander deelnemer beweer: "*My brein wil nie afskakel nie en ek dink oor en oor aan die saak. Mense dink omdat ek nie maklik huil dat ek nie tranen het nie, maar ek het droë tranen, regtig droë tranen wat op 'n ander manier moet uitkom.*" Van die deelnemers het ook ander fisiese simptome soos hoofpyne, maagprobleme en intense liggaamlike moegheid tydens hierdie ondersoek ervaar. Hulle noem die volgende:

"Dit voel later of jou kop wil bars en ek kry geweldige hoofpyne. Die spanning werk ook op my maag."

"Gewoonlik is ek gedreineer aan die einde van so 'n dag na 'n ondersoek. Ek het ook geen fisiese krag nie, ek wil net sit en ek voel lus vir niks nie."

“Ek is fisies uitgeput oor die spanning wat ek tydens hierdie ondersoek ervaar.”

Deelnemers het duidelik onderskeid getref tussen liggaamlike en emosionele moegheid. Een deelnemer het die volgende opgemerk: *“Na so ’n ondersoek en verwydering van ’n kind is ek baie moeg - fisies moeg en emosioneel gedreineer.”* Al die deelnemers het ook bevestig dat hulle tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders liggaamlike spanning en angs ervaar. Hierdie spanning en angs is vir die deelnemer ’n fisiese ervaring en lei tot senuweeagtigheid en intense spanning. Hulle menings was:

“Ek ervaar angstigheid...en dis stresvol vir my om die prentjie bymekaar te sit met die ‘puzzle pieces’ wat jy kry. Hierdie onsekerheid het spanning by my veroorsaak.”

“Hierdie sake bring vir my spanning mee.”

“Wanneer ek uitgaan na die ondersoek, ervaar ek fisiese spanning en ook angstigheid.”

Die onsekerheid wat maatskaplike werkers ervaar wanneer met hierdie ondersoeke begin word, word soos volg deur een deelnemer beskryf: *“n Mens is senuweeagtig en gespanne tydens hierdie ondersoeke want jy weet nie wat om te verwag nie.”* ’n Ander deelnemer het soos volg reageer: *“Ek rook baie meer as gevolg van stres wat opbou en angstigheid want jy weet nie wat jy gaan kry nie.”* Volgens die meerderheid deelnemers het hierdie ondersoeke ’n invloed op hul slaap- en eetgewoontes. Twee deelnemers noem dat hulle sleg slaap en tydens hierdie ondersoeke meer eet as gewoonlik. Een deelnemer meld dat sy dan gewoonlik vroeër gaan slaap. Twee deelnemers het aangedui dat hulle minder eet wanneer hulle hierdie sake ondersoek. Een deelnemer was soos volg van mening: *“My body becomes tired and my sleeping patterns and eating patterns change.”* ’n Verdere fisiese behoefte was fisiese reiniging. Twee deelnemers het die behoefte aan fisiese reiniging tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders uitgespreek. Hulle het dit soos volg verwoord: *“Na so ’n ondersoek dan bad ek myself behoorlik en was hare.”* Die ander

deelnemer het die volgende gesê: “Na so ’n dag voel ek net dat ek kan gaan bad - dat ek verfris kan wees.”

Cheung en Boutte-Queen (2000:1615) bevestig die volgende: “Practitioners suffered from symptoms such as feelings of horror, sleeplessness and nightmares following sessions with survivors detailing their experiences with child sexual abuse”. Currie (2001:35-36) opper die feit dat liggaamlike reaksies uniek aan elke individu is en dat individue hulle liggame behoort te ken en te weet wanneer hulle stres ervaar. ’n Fisiiese simptoom kan as ’n metafoor dien vir die maatskaplike werker se emosionele toestand. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die fisiiese behoeftes, soos uit die onderhoudvoering met die deelnemers verkry is, op die individualiteit van elke maatskaplike werker wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders doen, dui. Elke individu het sy eie vlak rakende stres-toleransie. Currie (2001:21) is van mening dat indien maatskaplike werkers se streshanteringsvaardighede bevorder kan word, die individu en die organisasie baat sal vind daarby.

7.3.4.2. Subtema 2: Liggaamlike veiligheid

Die meeste deelnemers het die behoefte aan liggaamlike veiligheid benadruk. Gedurende die ondersoeke het heelwat van die deelnemers gemeld dat hulle fisiiese onveiligheid beleef het. Dit het bygedra daartoe dat die deelnemers liggaamlike spanning en angstigheid ervaar het. Die volgende bespreking word gegee.

Die meerderheid deelnemers meld dat dit vir hulle gevoel het asof hulle liggaamlike veiligheid bedreig word. Een deelnemer het gesê: “*Ek dink dat met seksuele misbruik is ons as maatskaplike werkers se veiligheid die meeste in gedrang - ek het fisiес bedreig gevoel*”. Nog ’n deelnemer het bygevoeg: “*Fisiес gaan ook oor my veiligheid – en dit is waarom ek iemand anders van die sisteem nodig het vir ondersteuning.*” Die deelnemers besef dat mense wat met feite rakende hulle optrede gekonfronteer word, soms irrasioneel kan optree en liggaamlike bedreiging vir die deelnemer kan inhou. Een deelnemer beskryf haar ervaring so: “*Dit is so dat as mense gekonfronteer word met hierdie tipe inligting is hulle dikwels irrasioneel en hulle tree irrasioneel op en so ’n persoon kan enigets doen. En so iemand is tot*

enigiets in staat. So, 'n mens voel jou fisiese welstand is in gevaar. Ek het al baie verbale en fisiese dreigemente ervaar". Twee deelnemers het ook bevestig dat hulle al fisies aangerand is. Hulle vertel:

"Maar ek het al fisies bedreig gevoel – ek is ook al een keer aangerand deur 'n kliënt."

"Met seksueel misbruik-sake beleef ek die ouers baie aanvallend, baie aggressief, en ook verbale aggressie. Daar is ook fisiese aggressie – hulle kom vir jou!"

Hierdie fisiese simptome wat deelnemers ervaar, dui duidelik daarop dat die maatskaplike werker se fisiese behoeftes tydens ondersoek na seksuele misbruik nie misgekyk moet word nie. Die navorsers is van mening dat baie weinig maatskaplike werkers die fisiese impak wat hierdie ondersoek meebring onmiddellik besef. Dit blyk dat die liggaam eerste reageer op negatiewe en stresvolle impulse en dat so 'n individu eers later bewus raak daarvan. Williams en Cooper (2002:37) verduidelik dat alle werknemers op 'n kontinuum van slegte gesondheid en werksvervulling funksioneer. Sommige persone word deur hul werk vervul en ander word siek as gevolg daarvan. Die meeste werknemers funksioneer iewers in die middel. Werkstres en druk veroorsaak dat die persoon heen en weer op die kontinuum beweeg. Die navorsers kom tot die gevolgtrekking dat intense stres en blootstelling aan hoëprioriteit-sake, soos seksuele misbruik van kinders, kan veroorsaak dat werknemers se fisiese gesondheid daaronder lei.

7.3.5. TEMA 5: SOSIALE BEHOEFTES

Die psigososiale behoeftes van die deelnemers is tydens die semi-gestrukteerde onderhoudvoering verken. Die deelnemers het aangedui dat hulle bepaalde sosiale behoeftes ervaar. Maatskaplike werkers het, aldus Van Wyk (2011:253), formele en informele ondersteuning in hul werksomgewing nodig. Ontlading en ondersteuning is as 'n sosiale behoeftes geïdentifiseer. Hoewel ontlasting en ondersteuning ook emosionele behoeftes (Tema 3) genoem is, het duidelik tydens die studie ook as

sosiale behoeftes na vore gekom. Twee subtemas is geïdentifiseer en word bespreek.

7.3.5.1. Subtema 1: Ontlading en ondersteuning

Tydens onderhoudvoering het die meerderheid deelnemers aangedui dat maatskaplike werkers wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders doen, bepaalde sosiale behoeftes ervaar. Hierdie maatskaplike werkers het 'n sosiale behoefte aan ontlading en ook aan ondersteuning uitgespreek. Hierdie ondersteuning is nie alleen nodig van ander kollegas nie, maar ook van die eie familie, die gemeenskap en beoefenaars van ander professies. Die meerderheid deelnemers was van mening:

“Jy het iemand nodig met wie jy kan praat op daardie stadium. En jy weet self as jy eers begin praat dan kom dit net uit - dis soos 'n dam wat breek.”

“Debriefing is important because I need to share my experience with a senior person for guidance.”

“Die ondersteuning van 'n kollega wat ek kan bel en weet waaroor hierdie ondersoeke gaan.”

“Net soos dit 'n emosionele behoefte is, is ontlading teenoor 'n kollega ook 'n sosiale behoefte. Dit gaan oor betrokkenheid.”

“Die ondersteuning van 'n kollega wat ek kan bel en weet waaroor hierdie ondersoeke gaan.”

“Ek het 'n behoefte aan ondersteuning tydens hierdie ondersoeke.”

“n Beter ondersteuningsisteem binne die organisasie vir ontlading - veral die eenmanskantore sukkel met ontlading.”

Dit blyk dat hierdie sosiale behoefte eweneens so gou moontlik bevredig moet word. Daardeur verkry die maatskaplike werker die geleentheid om hierdie ervaringe te

verwerk. Indien ander rolspelers betrokke is, dien hulle as klankborde. Een deelnemer was van mening: “*Ontlading kan nie drie maande wag tot wanneer jou supervisor by jou kantoor uitkom nie. Ek onlaai sover ek gaan. Soos wat jy inligting aan ander rolspelers en professies deurgee, raak dit al ligher in jou eie gemoed.*” Een deelnemer het gemeld dat ’n ontlontingsprogram effektief kan werk tydens hoëprofiel-sake soos seksuele misbruik. Sy noem die volgende: “*n Geleentheid tot ontlontingsprogramme sou goed wees – veral in meer ernstige sake. Ek sou graag by so iets wou inskakel.*” Die meerderheid deelnemers was ook van mening dat ontlading en ondersteuning van verskeie bronne ontvang kan word. Hulle opmerkings was:

“*Hier kan ek eintlik enige organisasie se maatskaplike werker skakel om te klankbord en te onlaai. Almal is altyd bereid om te luister en te help en ek dink dis baie positief.*”

“*Vir seker het ek iemand nodig, dis net ’n ekstra lyf - iemand by jou, dis sosiale ondersteuning.*”

“*My man is vir my ’n ondersteunende persoon maar ek hou nie daarvan om met hierdie ‘terrible’ goed huis toe te gaan nie want ek weet hy is ook ’n sagte mens.*”

Van Wyk (2011:2-3) bevestig die belangrikheid van die wisselwerking tussen die maatskaplike werker en haar omgewing. Hierdie outeur meld verder dat interpersoonlike verhoudinge vir die maatskaplike werker belangrik is en behels die interaksie tussen persone wat ’n organisasie vorm of wat lede van ’n werkgroep uitmaak. Die navorsing kom tot die gevolgtrekking dat ontlading en ondersteuning as betrokkenheid by sosiale behoeft alle betekenisvolle ander persone insluit. Dit blyk dat wanneer moeilike en komplekse sake soos seksuele misbruik ondersoek word die maatskaplike werker meer effektief funksioneer indien dit in samewerking van kollegas of ander professies geskied. Van Wyk (2011:253) bevestig hierdie sosiale behoeft van maatskaplike werkers deur die belangrikheid van ondersteuning deur kollegas te benadruk. Die informele omgang van kollegas met mekaar, maar ook ’n ondersteuningsgroep tussen kollegas kan heelwat stres uit die weg ruim.

7.3.5.2. Subtema 2: Samewerking

'n Verdere sosiale aspek waaraan al die deelnemers behoefté het, is samewerking met kollegas en ander professies wanneer hierdie ondersoeke gedoen word. Die samewerking van die gemeenskap was ook vir die deelnemers belangrik aangesien die gemeenskap nodig is wanneer fondse gegenereer moet word. Hierdie twee kategorieë word vervolgens bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 2: **Ander rolspelers**

Dit was 'n algemene behoefté onder die deelnemers dat daar goeie samewerking tussen die onderskeie rolspelers moet wees. Een deelnemer het genoem: "Wat vir my verskriklik belangrik is, is dat 'n mens professioneel met ander moet kan saamwerk. Dit is vir my wonderlik dat ek 'n goeie verhouding met die landdros het, met prokureurs, met persone by die Kinderbeskerming en met die mense hier in my kantoor. Dis vir my belangrik dat almal kan saamwerk en dat ons mekaar kan ondersteun." Hierdie rolspelers sluit alle betrokkenes van ander professies by die sake rakende seksuele misbruik in. 'n Ander deelnemer het gemeld dat selfs goeie samewerking van die skool tydens hierdie ondersoeke van groot waarde is. Sy stel dit soos volg: "Samewerking is vir my belangrik. Ek sou graag wou hê dat skole gouer moet saamwerk want skoolverslae kan nogal baie help" Nog deelnemers se menings was:

"I need support to feel safe and all professions must work together because sexual abuse cases are top of the range of serious cases."

"The stakeholders in a case must come together and work together – better relationships are needed."

"Getting together of the role-players working with these cases."

Reynolds (2010:26) waarsku dat maatskaplike werkers in 'n ongesonde werksomgewing werksverwante stres kan ontwikkel, wat weer 'n negatiewe impak op die werkers se werk en hul gesondheid sal hê. Trotter (2004:16) en Waters (1992:33) meld dat spanning en stres lei tot die standaardisering van werk by maatskaplike werkers as hulle nie ondersteuning ontvang vir die emosionele eise wat ondersoeke na seksuele misbruik van die kinders aan hulle stel nie. Indien hulle nie die nodige

ondersteuning ontvang nie, sal nie alleen die maatskaplike workers nie, maar ook die kinders aan wie dienste gelewer word, daaronder ly.

- Die tweede kategorie van subtema 2: **Finansiële steun**

Finansiële steun tydens ondesoeke na die seksuele misbruik van kinders is van kardinale belang omdat fondse vir deskundige assessering benodig word. Beperkte fondse is 'n probleem aangesien dit die deskundige hulpverlening aan die kind bemoeilik. Volgens die meerderheid deelnemers is beperkte fondse 'n probleem en die deelnemers het soos volg gereageer:

“Ek bel mense in die gemeenskap – 'n mens moet hard soek en spesifiek wees met die mense...hierdie is 'n kind in nood! Anders sal niemand vir jou geld gee nie. Hierdie finansiële verantwoordelikheid is ook vir my 'n sosiale behoefte.”

“Daar is hulpbronne soos forensiese assesseerders en kan gebruik word maar dis die befondsing wat die probleem is. Daarvoor moet ons fondse uit die gemeenskap insamel.”

“Dit gaan oor hoeveel fondse beskikbaar is - kostes om vir die kind hulp te kry is 'n groot uitdaging.”

“Finansies is 'n leemte! Dis 'n groot behoefte - mens het nie altyd die geld nie en nie almal is bereid om te gaan soek vir geld nie.”

Indien daar nie tydens hierdie ondersoeke aan die sosiale behoeftes aandag gegee word nie, kan daar volgens Van Wyk (2011:205) spanning en beroepstres by maatskaplike workers ontstaan wat tot gedragsverandering by die individu kan lei. Pasgenoemde outeur meld verder dat standaard van werkverrigtinge mag verlaag of irritasie kan voorkom, wat ook kan lei tot woede-uitbarstings. Die individu se hanteringskapasiteit kan afneem en werknemers kan siek word en selfs uitbrand aangesien hulle nie meer die opgehopte stres en druk van die werksituasie kan hanteer nie (Van Wyk, 2011:122-125) . Uit die studie was dit duidelik dat die sosiale behoeftes wat die deelnemers ervaar het, die mees eenvormige behoeftes was wat al die deelnemers tydens die studie weergegee en ervaar het. Van Wyk (2011:34-

36) verwys na die werknemerswelstand wat gerespekteer moet word ten einde die moreel van die maatskaplike werker te verhoog en stres te voorkom.

7.3.6. TEMA 6: KULTURELE BEHOEFTES

Kulturele diversiteit is 'n realiteit waarmee alle maatskaplike werkers in alle diensleveringsvelde te doen kry. Tydens die studie het die deelnemers kultuursensitiwiteit openbaar en daarop gewys dat dit moeilik is om met kultuurverskille te werk. Van Wyk (2011:208) meld dat dienslewering aan persone van ander kulture spanning en stres by maatskaplike werkers kan veroorsaak. Die volgende twee subtemas is geïdentifiseer en word uitgelig.

7.3.6.1. Subtema 1: Verbandhoudende wette

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemers duidelik laat blyk dat die verbandhoudende wette 'n belangrike rol speel tydens die ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. Al die deelnemers was egter van mening dat die Children's Act No 32 of 2005 (SA, 2005) en ander verbandhoudende wette naamlik die Strafreg (seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede) Wet 32 van 2007 (SA, 2007) en die Child Justice Act No 75 of 2008 (SA, 2008) geen onderskeid tussen verskillende kulture en sake van seksuele misbruik van kinders, tref nie. Een deelnemer het dit soos volg gestel: "*Seksuele misbruik is seksuele misbruik ongeag waar jy bly, wat jou kultuur of jou velkleur is ... dit is wat dit is.*" Die riglyne wat verbandhoudende wette ten opsigte van seksuele misbruik meebring, was vir die meerderheid deelnemers 'n anker tydens ondersoeke na hierdie sake. 'n Deelnemer het die volgende daaroor gesê: "*Ons het 'n landswet – 'n grondwet en die kinderwet – wat sê dis nie aanvaarbaar nie en wat vir almal geld en die skade wat aan 'n kind gedoen word, is baie groter as die invloed van jou kultuur.*" Die deelnemers het met selfverekerheid oor wette en kultuur die volgende genoem:

*"Maar vir my is die wet bo kultuur ... so jy is nie bo die wet nie,
ongeag wat jou kultuur is."*

“Die wet gee aan my as maatskaplike werker duidelike riglyne en die wet kom eerste bo jou kulturele behoeftes.”

“Culture is no excuse for sexual abuse – law is law.”

“Die kinderwet is daar vir alle kinders van alle kulture veral as dit gaan oor seksuele misbruik.”

“Different cultures are confusing. Sexual abuse is sexual abuse and nobody is above the law.”

Collings en Murray (1996:384) maak melding daarvan dat aan die maatskaplike werker wat seksuele misbruik van kinders in 'n gemeenskap hanteer, hoë verwagtinge gestel word ten opsigte van geregtigheid wat moet geskied. Die navorsers is van mening dat kulturele verskille bydra tot meer onsekerheid in die hantering van hierdie sensitiewe sake al is die verbandhoudende wette 'n vasstaande faktor.

7.3.6.2. Subtema 2: Kultuurverskille

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemers laat blyk dat dienslewering aan persone van ander kulture moeilik is. Een deelnemer het dit soos volg aangehaal: *“Ek self sit met die vraag: as ek met 'n swart dogter werk wat sestien is en 'n baba het, is dit vir die swart kultuur eintlik niks en dus aanvaarbaar. Die familie gaan na die baba kyk en sy gaan terug skool toe. Terwyl in die blanke kultuur en gemeenskap is dit wanneer 'n jong dogter 'n baba het 'n baie meer en groot storie as dit gebeur. Die kulturele goed maak dit baie moeilik.”* Die deelnemer meld verder dat sy as gevolg van kultuurverskille kinders verskillend hanteer en dan in haar konsekwentheid en korrekte optrede as maatskaplike werker twyfel. Uit die onderhoudvoering het dit geblyk dat die gebruiks, waardes en norme van verskillende kulture verwarrend is en onsekerheid by die maatskaplike werkers skep aangesien die meeste maatskaplike werkers onkundig is daaromtrent. Die meerderheid deelnemers het genoem dat gebrekke kennis van verskillende kulture en taalverskille ondersoeke na seksuele misbruik bemoeilik. Die twee kategorieë word verder bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 2: **Kennis van kulture** .

Die meerderheid deelnemers het tydens die onderhoude aangedui dat gebrek aan kennis oor verskillende kulture verwarring en onsekerheid tydens hierdie ondersoek meebring. Een deelnemer het genoem: “*Ek het dus 'n sterk behoeftie aan kennis oor verskillende kulture waarmee ek te doen kry. Want as 'n persoon uit 'n spesifieke kultuur vir my iets vertel oor die kultuur sal ek wil weet of hy vir my jok of die waarheid praat.*” Wanneer 'n maatskaplike werker seksuele misbruik by 'n kind van 'n spesifieke kultuur ondersoek, is kennis oor die kultuur belangrik om die regte opmerking teenoor die kind en ook die ouers te kan maak. Die deelnemers het dit so verduidelik:

“Wanneer ek as maatskaplike werker by 'n ondersoek betrokke raak is dit belangrik om iets van daardie kultuur te weet om die regte dinge te kan sê.”

“Knowledge of the different cultures is important to understand these cases better and to help the child better. Culture must be understood to know what to say to the child and the families. People believe in their culture and it is challenging and not easy to change a mind-set.”

“Ek dink kennis oor die verskillende kulture is belangrik.”

“Daar is vir my 'n groot leemte aan genoegsame kennis van die verskillende kulture om situasies te hanter. Want wat in my kultuur aanvaarbaar is, is nie noodwendig in 'n ander kultuur aanvaarbaar nie.”

Mendenhall (2007:278) se opmerking is 'n bevestiging van die deelnemers se menings: “Practitioners are culturally sensitive and competent. They are aware of cultural differences and continually seek new knowledge about these differences.” Die realiteit in hierdie verband is volgens Van Wyk (2011:215) dat maatskaplike werkers onseker is oor hul hanteringswyse van hierdie sake en of die regte besluite ten opsigte van die kind geneem is. Die navorsers is van mening dat gebrekkige kennis van verskillende kulture hierdie onsekerheid verhoog.

- Die tweede kategorie van subtema 2: **Taalverskille**.

Tydens die onderhoude het al die deelnemers laat blyk dat taalverskille ondersoeke na seksuele misbruik van kinders kan bemoeilik. Hulle het gemeld:

“Die taalverskil is vir my 'n krisis. Ek weet nie hoe 'n mens so 'n ondersoek kan doen nie ... hoe moet jy dienslewering gee en inligting kry as jy hulle nie verstaan nie en dis vir my frustrerend.”

“Dan dink ek en dis seker maar 'n algemene ding en dis die taalkwessie.”

“We do not understand each other properly.”

Tydens die ondersoeke is die intensiteit van hierdie sake hoog en die maatskaplike werker vind dit uiters onuitvoerbaar om met 'n getraumatiseerde kind in 'n ander taal as die kind se moedertaal te kommunikeer. Een deelnemer het gesê: “Sekere gevalle kan jy hanteer deur Engels te praat maar as die kind erg getraumatiseer is, kan ek nie met haar kommunikeer nie.” Tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders is regte inligting wat verkry word vir die hof van kardinale belang. Een deelnemer het die volgende genoem: *“Language is sometimes a barrier. Even talking about body parts can be a barrier – there are different names for private body parts.* Van Wyk (2011:208) bevestig die feit dat 'n kultuur wat onbekend is aan die maatskaplike werker problematies tydens hierdie ondersoeke is en die maatskaplike werker polities sensitief moet optree. Volgens genoemde outeur veroorsaak taalverskille stres tydens hierdie ondersoeke onder verskillende kulture.

Die deelnemers het ook tydens hierdie bespreking verwys na die gebruik van tolke tydens hierdie ondersoeke. Vier deelnemers het melding gemaak daarvan dat hulle van tolke gebruik maak. Hoewel die deelnemers van tolke gebruik gemaak het, was dit nie vir hulle die oplossing vir kultuurverskille nie. Die aspek van vertroulike hantering van die inligting het by die deelnemers onsekerheid veroorsaak. 'n Deelnemer se opmerking was soos volg: *“Ek het gebruik gemaak van 'n tolk, wat nie ideaal is nie, en jy moet elke keer sê hierdie goed is vertroulik.”* Drie van die vier deelnemers het negatief gestaan teenoor die gebruik van tolke omdat hulle twyfel

gehad het oor die korrektheid en gehalte van die boodskap wat oorgedra word. Van hul menings was:

“Ek weet nie wanneer hulle inligting bietjie verdraai of net iets anders sê nie - dit kan 'n heel ander effek op die kliënt hê as wat bedoel was.”

“Maar 'n mens ervaar onsekerheid – gaan die boodskap reg oorgedra word en ook – kry ek weer die regte inligting terug. Die kwaliteit van die ondersoek gaan daardeur beïnvloed word.”

Slegs een deelnemer het 'n positiewe siening oor die gebruik van 'n tolk gehad. Sy gee die volgende weer: *“Ek is gemaklik met tolke en ek gebruik hulle gereeld. Vir my het hulle nog altyd net goed gedoen en gehelp.”* Genoegsame diverse mannekrag kan tydens hierdie ondersoeke van groot waarde wees. Een deelnemer se siening was soos volg: *“Ek dink nie ons het 'n groot diverse professionele mannekrag om verskillende kulture te hanter nie - dit sou vir die professie tot groot voordeel wees, maar ons weet dit is nie altyd moontlik nie.”*

Die navorsers is van mening dat indien hierdie ondersoek in die kind se moedertaal kan geskied, dit aanleiding sou kon gee tot effektiewe dienslewering en sou dit ook in die beste belang van die kind wees. Sake wat handel oor seksuele misbruik is opsigself traumatis en gekompliseerd. Om nog boonop deur 'n onverstaanbare taal en kultuurvreemde gebruikte gekonfronteer te word, gaan volgens die navorsers definitief die dienslewering negatief beïnvloed.

7.3.7. TEMA 7: GEESTELIKE BEHOEFTES

Ter wille van die volledigheid van hierdie tema word die term *geestelike/spirituelle* soos volg verklaar. Nel et al. (2008:317) omskryf geestelikheid/spiritualiteit soos volg: "Spiritualiteit word as 'n hoofbestanddeel van integrering van organisatoriese en werknemerswaardes beskou. Spiritualiteit is nie 'n geloof nie." Die deelnemers was van verskillende kulture maar hulle het te kenne gegee dat hulle deel het aan die Christelike geloof. Die geestelike behoeftes van die deelnemers is tydens die onderhoude verken. Drie subtemas is geïdentifiseer.

7.3.7.1. Subtema 1: Ontoereikende eie krag

Tydens die onderhoudvoering is die deelnemers se geestelike vermoë en krag tydens ondersoeke van seksuele misbruik van kinders verken. Al die deelnemers het erken dat hulle hierdie ondersoeke nie uit eie krag kan doen nie, maar leiding en hulp van God nodig het. Hierdie deelnemers meld dat hulle deur ervaring weet dat hulle nie hierdie ondersoeke op eie krag kan aanpak nie en dat hulle geestelike leiding nodig het. Hier volg enkele menings:

“I pray a lot before I do something and I ask God for guidance.”

“Ek vra God om my te help met die hele ondersoek. Dat ek die regte besluite kan maak. Ek het deur die hele saak aan Hom vasgehou en vertrou dat Hy my sou help ... ek bly afhanklik van Hom en ek weet dis Hy wat my gaan help.”

“Ek weet nie hoe 'n mens hierdie werk kan doen as jy nie geestelike leiding vra nie.”

“You cannot have strength with this job if you are not a spiritual person.”

“Ek het 'n sterk geestelike verhouding met God en ek glo ek word ondersteun. Ek doen niks uit eie krag nie.”

“Ek sal nie kan werk sonder die Here se krag nie. Ek vra elke dag dat die Here vir my wysheid en onderskeidingsvermoë skenk om te weet wat is reg en dat ek sensitief is vir mense se nood.”

Morales et al. (2010:167) meld dat maatskaplike werkers bewus moet wees van die effek wat geloof en spiritualiteit op hulle het, aangesien dit 'n integrale deel van hul diensleveringsproses uitmaak. Die navorsers is van mening dat die geestelike aspek van die maatskaplike werker se funksionering 'n belangrike komponent van haar/sy menswees uitmaak en dat dit die gehalte van dienslewering aan die kind beïnvloed.

7.3.7.2. Subtema 2: Onsekerheid

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemers spontaan gereageer oor die geestelike onsekerheid wat hulle as deelnemers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders ervaar. Geestelike vrae het 'n groot deel van hierdie onsekerheid uitgemaak. Vier deelnemers het erken dat hulle tydens hierdie ondersoeke worstel met geestelike vrae oor waarom dit toegelaat word dat kinders seksueel misbruik word. Hulle opmerkings was die volgende:

“Although I am a Christian I sometimes asked God why He did allow this to happen to a child. Children asked the same question to me and then it is difficult to answer. I experience clashing with my own beliefs.”

“Soms kry mens die gevoel om te vra: Here waar was U toe al hierdie dinge gebeur het ... maar terselfertyd weet ek dat ons in 'n gebroke wêreld lewe.”

“Ek dink die vraag wat ek altyd myself afvra is - HOEKOM? Hoekom die kind en hoekom op die manier. Wel, dis moeilike goed die ... ek bid daaroor en 'n mens kry nie altyd antwoorde nie!”

Nie alleen is dit die maatskaplike werker wat met die vrae worstel nie maar volgens die deelnemers het die kinders ook bepaalde vrae. Die geestelike worsteling wat die kinders openbaar teenoor die deelnemers, het op die maatskaplike werker se emosionele funksionering 'n groot invloed. Een deelnemer het die volgende genoem: *“If a child asked me if I believe in God and why did this happened to him/her – it is very difficult for me to answer. Where was God in that time?”* Die maatskaplike werker worstel nie net in haarself met die intensiteit en onsekerheid ten opsigte van die gebeure nie, maar word ook met die kind se magteloosheid en seer gekonfronteer. Uit die studie blyk dit vir die navorsers dat dit 'n behoefte is hierdie wat maatskaplike werkers effektief moet bestuur anders mag dit gevoelens van hopeloosheid tot gevolg hê.

7.3.7.3. Subtema 3: Geestelike leiding

Die deelnemers het uit die onderhoude laat blyk dat geestelike leiding ook 'n behoefte is wat hulle tydens hierdie ondersoeke ervaar het. 'n Betekenisvolle aantal deelnemers, naamlik agt, het melding gemaak dat hulle behoefte het daaraan dat 'n geestelike leier betrokke moet wees. Die betrokkenheid van 'n geestelike leier is vir hulle gedurende hierdie ondersoeke ondersteunend. Hulle meld soos volg:

“Ek dink ook 'n predikant is 'n opsie waar ek vir ondersteuning kan vra. Nie noodwendig die organisasie se predikant nie, maar my eie predikant van die kerk waar ek betrokke is.”

“Ek kry ook die nodige ondersteuning van die pastore hier en ek het die vrymoedigheid om aan hulle te sê ... sjoe hierdie is 'n moeilike saak.”

“Ek werk baie nou saam met 'n paar predikante en ek sal met vrymoedigheid hulle vra vir ondersteuning.”

Van die deelnemers was van mening dat hul geestelike behoefte uit verskeie aspekte bestaan. Een deelnemer som dit soos volg op: *“I do believe in God and sometimes debriefing is not enough. I need some spiritual uplifting - so I read the Bible and get in touch with a priest.”* Een deelnemer het egter te kenne gegee dat sy met 'n nie-vergewensgesindheid worstel: *“Die Here sê vir ons dat ons almal moet liefhê, maar daarvan sukkel ek. Ek voel soms dat ek van hierdie mense nie kan liefhê oor wat hulle aan die kinders doen nie. As ek die Here was, sou ek al baie mense uitgedelg het. Ek sukkel regtig daarvan.”* Die navorser is van mening dat onvervulde geestelike behoeftes 'n impak het op die maatskaplike werkers se ondersoek na sake rakende seksuele misbruik en dienslewering aan die kinders. Die kern van spiritualiteit is om 'n sterker persoonlike bewustheid van universele waardes te ontwikkel om vir 'n ander individu tot hulp te wees en gelukkig te lewe (DuBois & Miley, 2010:183).

7.3.8. TEMA 8: ONTWIKKELING EN GROEI VAN MAATSKAPLIKE WERKERS

Tydens die onderhoudvoering het die deelnemers aanbevelings ten opsigte van die ontwikkeling en groei van maatskaplike werkers gemaak. Volgens Van Wyk (2011:151-158) vind groei en ontwikkeling plaas wanneer maatskaplike werkers na hul eie welstand omsien en ook voortgesette opleiding ondergaan. Een subtema is geïdentifiseer en word vervolgens bespreek.

7.3.8.1. Subtema 1: Ontwikkelingsbehoeftes

Ontwikkelingsbehoeftes, naamlik die voortgesette opleiding van maatskaplike werkers en uitgebreide kennis oor verwante aspekte van seksuele misbruik is, deur die deelnemers tydens die onderhoude geïdentifiseer. Hierdie twee kategorieë word verder bespreek.

- Die eerste kategorie van subtema 1: **Voortgesette opleiding.**

Die meerderheid deelnemers het gemeld dat voortgesette opleiding in die hantering van seksuele misbruik vir maatskaplike werkers uiters noodsaaklik is. Hulle opmerkings was die volgende:

“Aanhoudende opleiding en aanhoudende professionele ontwikkeling.”

“These cases is sensitive and specialized knowledge is necessary. Training is important – knowledge is a process. We must keep on learning and learning.”

“A lot of training and knowledge is required. Every case is different and every child is unique.”

Vyf deelnemers het gemeld dat voortgesette opleiding ten opsigte van die toepaslike seksuele gedrag van verskillende ouderdomme baie nodig is. Hulle meld die volgende:

“Kennis en opleiding oor wat is toepaslike seksuele gedrag vir 'n kind van 'n bepaalde ouderdom... 'n mens moet op hoogte bly.”

“Opleiding soos onder andere dat 'n mens kan sien hoe 'n kind gaan reageer wat seksueel misbruik is.”

Een deelnemer het die behoefté aan spesifieke en praktiese opleiding om sake rakende seksuele misbruik te kan hanteer uitgespreek. Sy verwoord dit soos volg: “*I want specific and practical training in handling sexual abuse cases. That works for me. And it is an ongoing process.*” Stone (1990:66) noem dat dit belangrik is om met maatskaplike werkers te konsulteer oor hul opleidingsbehoeftes sowel as die doeltreffendheid van verskeie opleidingmetodes en tegnieke. Navorsing kom tot die gevolgtrekking dat elke maatskaplike werker self ook verantwoordelikheid vir voortgesette opleiding moet aanvaar.

- Die tweede kategorie van subtema 1: **Kennis oor verwante aspekte van seksuele misbruik.**

Duidelike behoefté aan kennis en opleiding in die toepaslike wette as ontwikkelingsbehoefte het tydens die onderhoudvoering met die deelnemers voorgekom. Al die deelnemers het gemeld dat hierdie kennis onontbeerlik is en benodig word. Hulle stel dit soos volg:

“Kennis van die wette is vir my van groot belang. Hoe moet ons seksueel misbruikte kinders beskerm as ons nie weet wat staan in daardie wette nie.”

“Knowledge of the different Acts. Legislation changes constantly.”

“n Mens het meer intense opleiding nodig oor die verskeie wette.”

“Kennis oor die wette is van uiterste belang.”

Kennis aangaande hofprosedures (die strafhowe en opleiding in kruisondervraging) was vir een deelnemer van groot belang. Sy verbaliseer dit soos volg: “*Beter begrip van die strafhowe is so nodig – jy moenie dink die Kinderhofsaak is al wat jy gaan doen nie. Hulle kan jou optrek na die strafsaak – ek moes gaan getuig hoe dit*

gebeur het. Jy is die ‘glue’ wat alles hier bymekaar hou.” Hierdie deelnemer brei verder uit in hierdie verband: “Deel van die opleiding moet wees om die maatskaplike werker deur ’n ordentlike kruisondervraging te sit.” Twee deelnemers het meer uitgebreide kennis oor ander rolspelers se velle as ontwikkelingsbehoeftes benadruk. Een deelnemer het die volgende genoem: “Ons as maatskaplike workers ken nie ander velle nie – ek weet ook nie of daar belangstelling is om ander velle te leer ken nie.” Die ander deelnemer het bygevoeg: “Ons moet kennis hê oor elkeen se rol en veld waarbinne hulle werk.” Daar was ook die behoefte by twee van die deelnemers aan ’n bepaalde struktuur en ’n gestandaardiseerde lys tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. Een deelnemer verwoord dit soos volg: “Definitief ’n proses – ’n ‘tick’-lys sal al baie help. Gestandaardiseerde ‘tick’-lys met onder andere het jy die J88 gedoen? Het jy kinderhof geopen? Het jy al jou bevele in plek? Ensovoorts.” Die ander deelnemer het bygevoeg: “Miskien as jy op ’n manier meer leiding gehad het met die ondersoeke oor watter stappe om presies te volg ... miskien is dit net meer van ’n struktuur wat ek soek.”

Die ontwikkeling en groei van maatskaplike werkers is volgens Van Wyk (2011:278) van die uiterste belang en dit bly die maatskaplike werker se primêre verantwoordelikheid om dit na te streef. Die navorsing is van mening dat individuele faktore soos geleenthede vir ontlading en genoegsame ondersteuning maatskaplike werkers se behoefte aan groei en ontwikkeling sal stimuleer.

8. GEVOLGTREKKING

Die fokus van die navorsing was op die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. Die literatuuroorsig toon dat beperkte literatuur rakende die maatskaplike werker se psigososiale behoeftes beskikbaar is. Data is by elf geregistreerde maatskaplike werkers ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude met hulle te voer. Waardevolle insette is gelewer ten opsigte van hul psigososiale behoeftes. Die navorsing is oortuig daarvan dat hierdie navorsing geldig is omdat al die deelnemers dieselfde psigososiale behoeftes ervaar en gerapporteer het.

Die navorsing het bevind dat die ondersoeke na seksuele misbruik van kinders hoëprofiel-sake is wat spesifieke rolvereistes aan maatskaplike werkers stel. Die

rolveistes het tot gevolg dat maatskaplike werkers sterk roloverwagtinge het van rolspelers wat betrokke is in die sin dat hulle geleenthede moet bied vir ondersteuning, ontlading en goeie verhoudinge. Die kompleksiteit van hierdie sake bring sterk emosionele ervaringe mee, soos spanning en angs, wat dan weer fisiese behoeftes-ervaringe tot gevolg het. Indien daar nie aan genoemde sosiale behoeftes voldoen word nie, voel die maatskaplike werker geïsoleerd in die hantering van die ondersoeke en verhoog dit weer emosionele en fisiese behoeftes. Laasgenoemde het 'n disfunksiionele kringloop van omstandighede tot gevolg wat 'n negatiewe invloed uitoefen op die psigososiale funksionering van die maatskaplike werker wat aan sulke sake moet werk.

Maatskaplike werkers beleef ook sterker kulturele behoeftes en frustrasies as vroeër en die kulturele verskille bring 'n uitdagende komponent in die vorm van onsekerheid vir dié maatskaplike werkers mee. Hierdie onsekerheid het 'n direkte invloed op die emosionele en ook fisiese behoeftes van die maatskaplike werker. Die intensiteit van hierdie sake versterk die maatskaplike werker se geestelike behoeftes wat smag om sin en betekenis te maak uit hierdie gruwelade teen kinders. Laasgenoemde het ook 'n direkte invloed op die emosionele behoeftes en emosionele volwassenheid van hierdie werkers. Dit blyk dus duidelik dat die onderskeie psigososiale behoeftes van die maatskaplike werker ten nouste met mekaar vervleg is en ook interafhanglik is van mekaar.

Gepaard hiermee ervaar die maatskaplike werker tydens ondersoeke en hantering van die seksuele misbruik van kinders ook sterk behoeftes aan ontwikkelingsgeleenthede soos voortgesette opleiding. Onkunde oor hofprosedures en die strafprosesreg bring vir maatskaplike werkers groot onsekerheid mee. Dit bly dus staan dat maatskaplike werkers in die hantering van hierdie sake unieke psigososiale behoeftes ondervind. Ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders is 'n diensleweringsveld in Maatskaplike Werk wat seker dié hoogste eise en mees intense ervaringe vir werkers meebring. Indien hierdie behoeftes nie onder die loep geneem word nie, kan dit lei tot negatiewe rolfunksionering, beroepstres en selfs uitbranding van maatskaplike werkers wat met seksuele misbruik van kinders werk.

9. AANBEVELINGS

9.1. Aanbevelings ten opsigte van die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers

Gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende aanbevelings ten opsigte van die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers gemaak:

Daar word aanbeveel dat:

- organisasies ondersteuningswerkgroepes as ontladingsgeleentheid vir maatskaplike werkers wat met hierdie hoë-intensiteitsake werk, moet instel;
- streshanteringswerkgroepes – wat sal dien as 'n goeie ondersteuningsisteem - deur organisasies aangebied moet word wat ondersteuning aan maatskaplike werkers bied;
- seksuele misbruik as spesialiteitsveld beskou moet word en dat die aangewese maatskaplike werker wat die ondersoek doen, belangstelling in die spesifieke veld moet toon;
- genoemde maatskaplike werkers opleiding as saakbestuurders moet ontvang en dat duidelike riglyne en struktuur ter hantering en bestuur daarvan neergelê moet word;
- professionele rolspelers wat by hierdie sake betrokke is, deur middel van werkswinkels en forums bewus gemaak moet word van hul eie en ander se pligte en verantwoordelikhede en daarin opgelei moet word;
- dat besture van organisasies verantwoordelikheid moet aanvaar vir en behulpsaam moet wees met die verwing en verkryging van hulpbronne om so die maatskaplike werker te ondersteun en haar dienslewering te vergemaklik. Hulpbronne is 'n eksterne faktor wat beheer en bestuur moet word sodat die maatskaplike werkers oor voldoende hulpbronne sal beskik om effektiewe diens te kan lewer.

9.2. Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing

Gebaseer op die navorsingsbevindinge word die volgende aanbevelings met betrekking tot verdere navorsingstemas gemaak:

- Die evaluering van 'n ontlontingsprogram vir maatskaplike werkers wat betrokke is by hoë-intensiteitsake.

- Evaluering van 'n spesialiseenheid wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders hanteer.

10. SAMEVATTING

Tydens die uitvoering van hierdie studie is die profiel van die deelnemers saamgestel uit die identifiserende besonderhede wat met die aanvang van die onderhoude bekom is. Die agt temas wat geïdentifiseer is en bygedra het daartoe om begrip te ontwikkel van die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers, is bespreek en geanalyseer. Daarna is finale gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

Die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders is ondersoek ten einde die aard van maatskaplike werkers se ondervindinge tydens betrokkenheid by hierdie ondersoeke te identifiseer en te verken. Beter insig oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers is verkry. Daar is bevind dat maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders blootgestel is aan hoë eise en intense ervaringe en dus behoeftte het aan sekere psigososiale aspekte. Deur hul belewenisse bekend te maak kon bepaal word watter ondersteuning maatskaplike werkers tydens hierdie ondersoeke benodig en ook verwag om sodoende hulle in staat te stel om in die hof en daarbuite hulle besondere rol as ondersteuners van kinders wat seksueel deur andere misbruik word, te kan vervul.

BIBLIOGRAFIE

- Alston, M. & Bowles, W. 2003. Research for social workers: an introduction to methods. London: SAGE.
- Babbie, E. 2014. The basics of social research. 6th ed. Canada: Wadsworth Cengage Learning.
- Berg, B.L. & Lune, H. 2014. Qualitative research methods for the social sciences. 8th ed. London: PEARSON.
- Boezaart, T. 2009. Child law in South Africa. Claremont: Juta.
- Berliner, L. 2011. Child sexual abuse: definitions, prevalence and consequences. (*In* Myers, J.E.B., ed. The APSAC handbook on child maltreatment. 3rd ed. Nwebury Park, Calif.: Sage. P.215-232.)
- Botha, K. 2010. Riglyne vir toepaslike verwysing van kinderkliënte vir forensiese assessering in 'n Suid-Afrikaanse Welsynsorganisasie. Potchefstroom: NWU (Verhandeling - MA).
- Botma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, F.M. & Wright, S.C.D. 2010. Research in Health Sciences. Cape Town: Heinemann, Pearson Education South Africa.
- Brookes, K., Davidson, P.M., Daly, J. & Halcomb, E.J. 2007. Role theory: a framework to investigate the community nurse role in contemporary health care systems. *Contemporary nurse*, 25(2):146-153.
- Butler, I. & Roberts, G. 1997. Social Work with children and families: Getting into practice. London: Jessica Kingsley Publishers.
- Cheung, M. & Boutte-Queen, N.M. 2000. Emotional responses to child sexual abuse: a comparison between police and social workers in Hong Kong. *Child abuse and neglect*, 24(12):1613-1321.

- Collings, J.A. & Murray, P.J. 1996. Predicators of stress amongst social workers. *British journal of social work*, 26:375-387.
- Creswell, J.W. 2007. Qualitative inquiry and research design. 2nd ed. London: SAGE.
- Creswell, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3rd ed. Thousand Oaks, California: Sage Publications.
- Currie, D. 2001. Managing employee well-being: a guide for human resource managers. London: Spiro Press.
- Cussons, M.J. 2011. The experiences of social workers in the process of investigating child sexual abuse. Potchefstroom: NWU (Dissertation - MA).
- Cussons, M & Strydom, C. 2013. Experiences of social workers in investigations of child sexual abuse. *Social work practitioner-researcher*, 25(1):59-78.
- Doyle, C. 1994. Child sexual abuse: a guide for health professionals. London: Chapman & Hall.
- DuBois, B. & Miley, K.K. 2005. Social work an empowering profession. Boston: Allyn and Bacon.
- Du Bois, B. & Miley, K.K. 2010. Social work: an empowering profession. 6th ed. Boston: Pearson Education.
- Engel, R.J. & Schutt, R.K. 2010. Fundamentals of social work research. London: SAGE.
- Fouché, A. 2007. Facilitating disclosure of child sexual abuse victims in the middle childhood: A forensic interview protocol for social workers. Pretoria: UP (Thesis – PhD).
- Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011a. Formal formulations. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 94-95).

Fouché, C.B & Delport, C.S.L. 2011b. Writing the research proposal. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 101-112).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011c. In-depth review of literature. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p.133-141).

Fouché, C.B. & Schurink, W. 2011. Qualitative research designs. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 307-327).

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 341-374).

Holliday, A. 2007. Doing and writing qualitative research. 2nd ed. London: SAGE.

Howe, D. 2005. Child abuse and neglect: attachment, development and intervention. New York: Palgrave Macmillan.

Howe, D. 2008. The emotionally intelligent social worker. London: Palgrave.

Huysamen, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Bloemfontein: Southern Boekuitgewers.

Joubert, J. 2003. Intervensiemodel vir die middelkinderjare-kind wat seksueel misbruik is. Pretoria: UP (Proefskrif – PHD).

Knott, C & Scragg, T. 2007. Reflective practice in social work. Exeter: Learning Matters Ltd.

Kritzinger, M.S.B. & Labuschagne, F.J. 1982. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 7th ed. Kaap: Goodwood.

Labuschagne, J.C. 2004. Die psigososiale behoeftes van die ouer ten opsigte van die kind met enkoprese. Pretoria: UP (Verhandeling – MA).

Mendenhall, A.N. 2007. Switching hats: transitioning from the role of clinician to the role of researcher in social work doctoral education. *Journal of teaching in social work*, 27(3/4):273-278.

Meiring, L. 2013. Kinderveiligheid: "Die lys misluk". *Beeld*: 7, 21 Okt.

Meuter, C.E. 2011. Leemtes in die assessering van die seksueel misbruikte kind deur die forensiese maatskaplike werker. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – MA).

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: tool for the human services. 4th ed. London: Thomson Brooks/Cole Publishers.

Morales, A.T., Sheafor, B.W. & Scott, M.E. 2010. Social Work: a profession of many faces. 12th ed. Boston: Pearson Education.

Motshegoa, M.J. 2011. The role of the social worker in motivating parents to disclose the sexual abuse of their child. Potchefstroom: NWU (Dissertation - MA).

Munro, E. 2002. Effective child protection. London: Sage Publications.

Neuman, W.L. & Kreuger, L.W. 2003. Social work research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston: AB.

Nel,P.S., Werner, A., Haasbroek, G.D., Poisat, P.,Sono,T. & Schultz, H.B. 2008. Human resources management. 7th ed. Cape Town, SA: Oxford University press.

Parrot, L. 2006. Transforming social work practice: values and ethics in social work practice. Exeter: Learning Matters.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw,D.A., Gouws,L.A. 1991. Psigologiese woordeboek. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Prinsloo, C.H., Prinsloo, ,R.J. & Marais, H.C. 1996. Die ontwerp en uitvoering van navorsing met die oog op implementering. (*In* Garbers, J.G. Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p.189-221).

Rankin, P. 2005. Surviving social work: an overview of the stresses and strains experienced by social work practitioners. ASASWEI conference 2005. Stellenbosch: University of Stellenbosch: 259-268.

Reynolds, C. 2010. Social work responsibility towards stress management. *Social work/Maatskaplike Werk*, 46(1):26-34.

Royse, D. 2011. Research methods in social work. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole Cengage Learning.

Rozario, P.A., Morrow-Howell, N. & Hinterlong, J.E. 2004. Role enhancement or role strain. *Research on Aging*, 26(4):413-428.

Rubin, A. & Babbie, E.R. 2011. Research methods for social work. 7th ed. New York: Brooks/Cole Cengage Learning.

Rubin, A. & Babbie, E.R. 2014. Research methods for social work. 8th ed. New York: Brooks/Cole Cengage Learning.

Salovey, P. & Mayer, J.D. 1994. Emotional intelligence. *Imagination, Cognition and Personality*, 9(3):185-211.

Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 397-423).

Sheafor, B.W. & Horejsi, C.R. 2006. Techniques and guidelines for social work practice. Seventh edition. Pearson Education.

Smith, S. 2007. Die forensiese maatskaplike werker as deskundige getuie in die hof. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – MA).

Spies, G.M. 2006. The effect of sexual abuse on a child. (*In* Spies, G.M., eds. Sexual abuse: dynamics, assessment and healing. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 44-58).

Spies, G.M. & Carstens, R. 2005. The social worker as an expert witness in court cases of child sexual abuse: A professional guideline. *Die maatskaplike werk navorser praktisyn/The social worker research practitioner*, 17(1):29-47.

Statistiek. <http://en.wikipedia.org.sexual violence in South Africa>. Date of access: 30 Mei 2014.

- Stone, M. 1990. Child protection work: a professional guide. Birmingham: Venture Press.
- Strauss, A.I., & Corbin, I. 1998. Basics of qualitative research. California: Sage Publishers.
- Strydom, H. 2011a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 113-129).
- Strydom, H. 2011b. Sampling in the quantitative paradigm. (*In* De Vos, A.S., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p. 222-234).
- Suid-Afrika. 2005. Children's Act 38 of 2005. Pretoria: Government Printer.
- Suid-Afrika. 2008. Child Justice Act 75 of 2008. Pretoria: Government Printer.
- Suid-Afrika. 2007. Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007. Pretoria: Government Printer.
- Suid-Afrika. 1978. Suid-Afrikaanse Wet op Maatskaplike Werk 110 van 1978. Pretoria: Government Printer.
- Trotter, C. 2004. Helping abused children and their families. London: Sage.
- Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Hersiene en uitgebreide uitgawe. Kaapstad: Ltd. CTP Book Printers (Pty).
- Van der Heever, M. 2012. Die implementering van kinderdeelname ingevolge artikel 10 van die Kinderwet, Wet 38 van 2005 en die maatskaplike werker se verantwoordelikheid. Potchefstroom: NWU (Verhandeling - MA).
- Van der Merwe, H. 1996. Die navorsingsproses: Probleemstelling en navorsingsontwerp. (*In* Garbers, J.G. Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. p.291-354).
- Van Heerden, M. 2013. Hoekom kleuters seksueel mishandel word. *Herald*: 7,18 Okt.

Van Rooyen, I.J. & Combrinck, M.J. 1980. Gevallewerk: 'n integrerende benadering. Pretoria: Academica.

Van Wyk, C. 2011. Beroepstres en streshantering by maatskaplike werkers wat betrokke is by intervensie met seksueel misbruikte kinders. Stellenbosch: SU (Proefskrif – PHD).

Waters, J.G. 1992. The supervision of child protection work. Aldershot: Ashgate Publishing.


Williams, S. & Cooper, L. 2002. Managing workplace stress: a best practice blueprint. New York: Wiley & sons.

Wilson, L. 2006. Riglyne vir die hantering van seksueel misbruikte kinders in die middelkinderjare. Pretoria: UNISA (Verhandeling – MA).

Zastrow, C. 2010. Introduction to social work and social welfare: empowering people. Belmont Canada: Thomson Brooks/Cole.

~~~~~

## **BYLAAG A: TOESTEMMING**



### **TITEL:**

***Die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders***

**NAVORSINGSTUDIE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT**

### **TOESTEMMING VAN MAATSKAPLIKE WERKER**

*Ek, Daleen Luyt is 'n MA-student in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit. Ek doen navorsing oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. My studieleier is Prof C Strydom. Die volgende inligting ten opsigte van die navorsingstudie word verskaf om u in staat te stel om 'n ingeligte besluit te neem. U word genooi om vrywillig deel te neem aan die navorsing. Ek is van mening dat u 'n waardevolle bydrae kan lewer tot nuwe kennis oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders doen om te bepaal watter ondersteuning maatskaplike werkers in hierdie verband nodig het. U deelname is voorwaar vir ons waardevol.*

### **1. DOEL VAN DIE NAVORSINGSTUDIE**

Die doel van die studie is om die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers, wat ondersoeke na seksuele misbruik van kinders doen, te identifiseer om te kan bepaal watter ondersteuning maatskaplike werkers tydens hierdie ondersoeke nodig het. Die psigososiale behoeftes mag veranderlikes wees wat 'n rol kan speel in die diensleweringsproses van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders. Die deelnemers sal bestaan uit maatskaplike werkers wat by regeringsorganisasies en nie-regeringsorganisasies in die Noordwes Provinsie werkzaam is.

### **2. PROSEDURE**

Indien u instem tot deelname aan die studies sal die onderstaande prosedure gevolg word:

- 'n Gesikte tyd en plek vir die onderhoude sal met u geskeduleer word. Die onderhoud sal in 'n kantoor plaasvind wat vir u gemaklik is en waar vertroulikheid gehandhaaf kan word;
- Die onderhoud sal ongeveer een uur duur waartydens u vrae beantwoord rakende die psigososiale behoeftes tydens u ondersoek na seksuele misbruik van kinders ervaar;
- U sal skriftelik moet instem tot deelname aan die navorsing;
- Tydens die onderhoud sal die navorser eers die geleentheid benut om 'n verhouding met u te bou deur oor u belangstellings of alledaagse gebeure te praat;
- Die navorser sal gebruik maak van 'n onderhoudskedule om die onderhoud te lei;
- Die onderhoud sal op band opgeneem word ter stawing van notas wat afgeneem sal word. U skriftelike toestemming vir die opname word benodig;
- Deelname is vrywillig en u kan u te enige tyd aan die navorsing onttrek totdat data finaal verwerk is; daarna kan u nie meer as deelnemer onttrek nie. U onttrekking moet op 'n skriftelike wyse geskied en u sal nie weens u onttrekking benadeel word nie;
- Indien u ontlonting benodig, sal 'n geïdentifiseerde en onafhanklike berader na afloop van die onderhoud beskikbaar wees;
- U naam sal nie in die verslag genoem word nie en sodoende sal anonimitet verseker word;
- Die verslag sal in die formaat van 'n verkorte navorsingsartikel met aanbevelings saamgestel word; en
- Die navorser sal die bevindinge in 'n opsommende formaat elektronies (per e-pos) aan u stuur.

### 3. RISIKOFAKTORE

Daar is lae risiko verbonden aan u privaatheid. U as deelnemer is volledig ingelig oor die aard, doel en omvang van die studie en dat dit moontlike risikofaktore vir u kan inhoud.

Die risiko om emosionele ongemak te ervaar, bestaan wel. Indien u deur die openbaarmaking van u behoeftes gevoelens ervaar wat ontlont moet word, sal u vir ontlonting na 'n reeds geïdentifiseerde en onafhanklike berader verwys word.

Anonimitet van u as deelnemer sal te alle tye gehandhaaf word. Geen identifiserende besonderhede van u as deelnemer sal in die publikasie gebruik word nie. Die ingesamelde data sal met die nodige vertroulikheid en omsigtigheid deur die navorser hanteer word.

Die navorser onderneem om geen verkeerde inligting doelbewus aan u deur te gee nie en geen inligting rakende die studie doelbewus van u te weerhou nie.

#### **4. VOORDELE VAN DIE NAVORSING**

Deur deel te neem aan die navorsingstudie sal u die geleentheid gegun word om as maatskaplike werker 'n bydrae te lewer tot die verkryging van kennis oor die psigososiale behoeftes wat maatskaplike werkers tydens ondersoke na seksuele misbruik van kinders ervaar. 'n Verdere voordeel is dat ondersteuningssisteme vir hierdie maatskaplike werkers geïdentifiseer kan word.

Die voordeel wat die navorsingstudie vir die maatskaplikewerk-professie inhoud, is dat waardevolle insette ten opsigte van die maatskaplike werker se diensleweringsproses gelewer kan word.

#### **5. KOSTE VERBONDE**

Daar word geen dwang op u as deelnemer geplaas om aan die studie deel te neem nie. Die projek hou geen addisionele koste vir u as deelnemer in nie. Die navorsing sal die deelnemers besoek en die studie hou geen vervoerkostes vir die deelnemers in nie.

#### **6. VERGOEDING**

Deelnemers sal geen vergoeding vir deelname aan die navorsingstudie ontvang nie. Saam met die finale uitslae van die studie sal 'n bedankingsbrief aan u gestuur word.

#### **7. STOOR VAN DATA**

Data wat ingesamel is, sal in die navorsing se kantoor geberg word waar dit in 'n kas toegesluit en die sleutels veilig bewaar sal word. Elektroniese data wat van die deelnemers ingesamel is, sal deur 'n kodewoord op die navorsing se rekenaar beskerm word. Alle transkripsies en hardekopieë sal ook aan die Noordwes-Universiteit Potchefstroom oorhandig word waar die studieleier dit vir 'n tydperk van vyf jaar sal bewaar voordat dit vernietig word. Alle bandopnames sal, nadat daarna geluister en die studie afgehandel is, vernietig word.

#### **8. TERUGVOER VAN RESULTATE**

Die finale verslag met bevindinge en aanbevelings sal in 'n opsommende formaat vervat wees en elektronies (per e-pos) aan u verskaf word sodra die studie afgehandel is.

## 9. VRAE

Deelnemers kan met vrymoedigheid enige vrae aan die navorser stel voordat 'n besluit geneem word om ingeligte skriftelike toestemming tot deelname te gee. Deelnemers kan ook met vrymoedigheid die studieleier kontak indien enige navrae rakende deelname aan die navorsing ontstaan.

Navorser: Daleen Luyt (0839480834)

Studieleier: Prof Corinne Strydom (018 2991685)

U is ook welkom om enige navraag aan die Gesondheid Etiekkomitee te rig via mev Carolien van Zyl, 018 2992094 of [Carolienvanzyl@nwu.ac.za](mailto:Carolienvanzyl@nwu.ac.za)

Baie dankie dat u my versoek oorweeg.

.....

Daleen Luyt

M-student in Maatskaplike Werk: Forensiese praktyk

September 2014

**TITLE:**

***The psychosocial needs of social workers during investigations of child sexual abuse***

**RESEARCH PROPOSAL OF THE NORTH-WEST UNIVERSITY****CONSENT OF SOCIAL WORKER**

*I am Daleen Luyt, an MA student in Social Work: Forensic Practice at North-West University.*

*I am doing research on the psychosocial needs of social workers during investigations of child sexual abuse. My supervisor is Prof C Strydom. The following information regarding the research study is provided to you to enable you to make an informed decision. You are invited to voluntarily participate in the research. I believe that you can make a valuable contribution towards knowledge about the psychosocial needs of social workers investigating child sexual abuse in order to determine what support social workers need in this regard.*

*Your participation is truly valuable to us.*

## 1. PURPOSE OF THE RESEARCH STUDY

The purpose of the study is to investigate the psychosocial needs of social workers during investigations of child sexual abuse and to identify and determine what support social workers in these investigations need. The psychosocial needs may be variables that can play a role in the delivery process of social workers during investigations of child sexual abuse. The participants will consist of social workers working in governmental and non-governmental organizations in the North West Province.

## 2. PROCEDURE

If you agree to participate in the study the procedure indicated below will be followed:

- A suitable time and place for the interviews will be scheduled with you. The interview will be in an office that you are comfortable with and where confidentiality can be maintained.

- The duration of the interview will be approximately one hour. Questions will be asked regarding your psychosocial needs during the investigation of child sexual abuse.
- Written consent to participate in the research must be given by you.
- During the interview the researcher will do rapport building by speaking about your interests or everyday events.
- The researcher will use an interview schedule during the interview.
- The interview will be taped and field notes will be taken. Your written permission is required for this procedure.
- Participation is voluntary and you may withdraw at any time until final data are processed – thereafter you cannot withdraw as a participant. Your withdrawal must be submitted in writing and you will not be harmed in any way due to your withdrawal.
- Should you need debriefing, an identified independent counsellor will be available after the interview to assist you.
- Your name and details will not be mentioned in the report; thereby partial anonymity is ensured.
- The report will be in the format of a research article with recommendations.
- The researcher will present the findings to you via e-mail.

### 3. RISK FACTORS

There will be a low risk factor to your privacy. You as a participant are fully informed about the nature, purpose and scope of the study and possible risk factors that you may endure. The risk of emotional distress exists. If you need debriefing after disclosing your feelings you will be referred to an identified independent counsellor.

Anonymity of you as a participant will be maintained at all times. No identifying details from you as a participant will be used in the publication of findings. The researcher will deal with the collected data with the necessary confidentiality and care.

The researcher undertakes that no misinformation will be given to you deliberately and no information regarding the study will be deliberately withheld from you.

### 4. BENEFITS OF THE RESEARCH

By participating in the research study, you will be afforded the opportunity of contributing to the acquisition of knowledge regarding the psychosocial needs of social workers during

investigations of child sexual abuse. A further advantage is that support systems can be identified for these social workers.

The advantage of the research study for the social work profession lies in the valuable input regarding the social worker's service delivery process.

## 5. COST

There is no compulsion placed on you as a participant and the project has no additional cost to you as a participant. The researcher will visit the participants and the study has no transportation costs for the participants.

## 6. COMPENSATION

Participants will receive no compensation for participation in the research study. A letter of thanks will be sent to you together with the final findings of the study.

## 7. STORAGE OF DATA

Data collected will be stored in the researcher's office in a locked cabinet and the keys will be kept safe. Electronic data of the participants will be protected on the researcher's computer by means of a secret code word. All transcripts and hard copies will also be handed in at North-West University, Potchefstroom Campus, where the supervisor will store it for a period of five years and then destroyed it. After completion of the study all tape recordings will be destroyed.

## 8. REPORTING RESULTS

The final report with findings and recommendations will be sent to you in summary form electronically (via e-mail).

## 9. QUESTIONS

Participants can ask the researcher any questions before deciding to give written informed consent to participate. Participants may also feel free to contact the supervisor should any inquiries regarding participation in the research originate.

Researcher: Daleen Luyt (0839480834)

Supervisor: Prof Corinne Strydom (018 2991685)

You are also welcome to inquire at the Health Ethics Committee addressed by Ms Carolien van Zyl, 018 2992094 or [CarolienvanZyl@nwu.ac.za](mailto:CarolienvanZyl@nwu.ac.za)

Thank you for considering my request.

---

Daleen Luyt

M student in Social Work: Forensic practice

## **BYLAAG C: TOESTEMMINGSVORM**

### **TOESTEMMINGSVORM**

#### **DEELNAME AAN HIERDIE STUDIE IS VRYWILLIG**

Dit staan u vry om te weier om aan hierdie studie deel te neem

of

om u te enige tyd daaraan te onttrek nadat u instemming geteken het – sonder dat u enigsins daardeur benadeel sal word .

Indien u gewillig is om deel te neem word u versoek om hieronder te teken:

Ek, ..... stem hiermee vrywillig in om aan bogenoemde studie deel te neem. Ek is nie op enige wyse gedwing om daaraan deel te neem nie en ek verstaan dat ek my daaraan mag onttrek indien ek tydens die studie ongemaklik voel.

Ek verstaan ook dat my naam nie onthul sal word as deel van die studie nie en dat die inligting vertroulik gehou sal word en geensins aan my naam gekoppel sal word nie. Ek is bewus van die moontlike voordele en risiko's verbonde aan my deelname.

.....

.....

Datum Handtekening van deelnemer

.....

.....

Datum Handtekening van mediator

.....

.....

Datum Handtekening van getuie

## **BYLAAG D: CONSENT FORM**

### **CONSENT FORM PARTICIPATION IN THIS STUDY IS VOLUNTARY**

You are free to refuse to participate in this study  
or

You may withdraw from the study at any time after you have given consent, but with no negative consequences.

If you are willing to participate, please sign below:

I, ..... hereby give written voluntary consent to participate in the above-mentioned study. I am not in any way forced to participate and I understand that I may withdraw if I feel uncomfortable during the study.

I understand that my name will not be mentioned as part of the study and that the information will be kept confidential and will in no way be linked to my name. I am aware of the potential benefits and risks associated with my participation.

.....  
Date

.....  
Signature of participant

.....  
Date

.....  
Signature of mediator

.....  
Date

.....  
Signature of witness

**TITEL:*****Die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoek  
na seksuele misbruik van kinders*****NAVORSINGSTUDIE VAN DIE NOORDWES UNIVERSITEIT****TOESTEMMING VAN KANTOORHOOF VIR MAATSKAPLIKE WERKER OM AAN  
NAVORSINGSTUDIE DEEL TE NEEM**

*Ek, Daleen Luyt, is 'n MA-student in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit. Ek doen navorsing oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoek na seksuele misbruik van kinders. Ek wil graag die maatskaplike werkers wat ondersoek na seksuele misbruik van kinders doen, nooi om aan my studie deel te neem. My studieleier is Prof C Strydom. Sien gerus die aangehegte toestemmingsvorm.*

*Ek is van mening dat die maatskaplike werkers 'n waardevolle bydrae kan lewer tot nuwe kennis oor die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers wat ondersoek na seksuele misbruik van kinders doen om te bepaal watter ondersteuning maatskaplike werkers in hierdie verband nodig het.*

**1. DOEL VAN DIE STUDIE**

Die doel van die studie is om vas te stel wat die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers is wat ondersoek na seksuele misbruik van kinders doen. Die deelnemers sal bestaan uit maatskaplike werkers wat werksaam is in regeringsorganisasies en nie-regeringsorganisasies en wat ondersoek na seksuele misbruik van kinders doen.

Na aanleiding van die telefoniese gesprek waartydens u ingelig is oor die doel en omvang van die studie, voordele, risiko's ensovoorts moet u binne u organisasie potensiële deelnemers wat aan die vereistes voldoen identifiseer en verduidelik wat die studie behels.

U moet aan elk van die maatskaplike werkers 'n toestemmingsbrief gee waarin die studie verduidelik word en vir hulle die geleentheid gun om geskrewe ingeligte toestemming te gee. Die toestemmingsbrieve moet binne een week vandat hulle dit ontvang het weer aan die navorsing teruggestuur word.

## **2. RISIKO'S EN ONGEMAK**

Daar is lae risiko ten opsigte van privaatheid. U moet die deelnemer volledig inlig oor die aard, doel en omvang van die studie en dat dit moontlike risikofaktore vir hom/haar mag inhoud. Die risiko vir emosionele ongemak bestaan wel. Indien die deelnemer deur die openbaarmaking van sy/haar behoeftes gevoelens ervaar wat ontlont moet word, sal hy/sy vir ontlonting na 'n reeds geïdentifiseerde en onafhanklike berader verwys word. Anonimititeit ten opsigte van die deelnemers sal te alle tye gehandhaaf word. Geen identifiserende besonderhede van die deelnemers sal in die publikasie gebruik word nie. Die navorsing sal die ingesamelde data met die nodige vertroulikheid en omsigtigheid hanteer. Die navorsing onderneem om geen verkeerde inligting doelbewus aan die deelnemers deur te gee nie en geen inligting rakende die studie doelbewus van die deelnemers te weerhou nie.

Vertroulikheid sal gehandhaaf word deurdat inligting ingesamel en vertroulik hanteer word, maar dit kan aangewend word vir bv. publikasie sonder om die identiteit van die deelnemers openbaar te maak.

## **3. VOORDELE VAN DIE STUDIE**

Deur deel te neem aan die navorsingstudie sal die deelnemer die geleentheid gegun word om as maatskaplike werker 'n bydrae te lewer tot die verkryging van kennis oor die psigosoiale behoeftes wat maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders ervaar. 'n Verdere voordeel is dat ondersteuningsisteme geïdentifiseer kan word vir hierdie maatskaplike werkers. Die voordeel wat die navorsingstudie vir die maatskaplikewerk-professie inhoud, is dat waardevolle insette ten opsigte van die maatskaplike werker se diensproses gelewer kan word.

## **4. KOSTE VERBONDE**

Daar word geen dwang op die deelnemers geplaas om aan die projek deel te neem nie en die projek hou geen addisionele koste vir u die deelnemers in nie. Die navorsing sal die deelnemers besoek en die studie hou geen vervoerkostes vir die deelnemers in nie

## **5. VERGOEDING**

Deelnemers sal geen vergoeding vir deelname aan die navorsingstudie ontvang nie. Saam met die finale uitslae van die studie sal 'n bedankingsbrief aan die deelnemers gestuur word.

## **6. STOOR VAN DATA**

Data wat ingesamel is, sal in die navorser se kantoor geberg word waar dit in 'n kas toegesluit en die sleutels veilig bewaar sal word. Elektroniese data van die deelnemers sal deur 'n kodewoord op die navorser se rekenaar beskerm word. Alle transkripsies en hardekopieë sal ook aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, oorhandig word waar die studieleier dit vir 'n tydperk van vyf jaar geberg sal hou voordat dit vernietig sal word. Alle bandopnames sal, nadat daarna geluister is en die studie afgehandel is, vernietig word.

## **7. TERUGVOER VAN RESULTATE**

Die finale verslag met bevindinge en aanbevelings sal in 'n opsommende formaat vervaardig word en elektronies (per e-pos) aan u verskaf word.

## **8. VRAE**

Deelnemers kan met vrymoedigheid enige vrae aan die navorser stel voordat 'n besluit geneem word om tot deelname in te stem. Deelnemers kan ook met vrymoedigheid die studieleier kontak indien enige navrae rakende deelname aan die navorsing ontstaan.

Navorser: Daleen Luyt (0839480834)

Studieleier: Prof Corinne Strydom (018 2991685)

U is ook welkom om enige navraag aan die Gesondheid Etiekkomitee te rig via mev Carolien van Zyl, 018 2992094 of [Carolienvanzyl@nwu.ac.za](mailto:Carolienvanzyl@nwu.ac.za)

Baie dankie dat u my versoek oorweeg.

.....  
Daleen Luyt

M- student in Maatskaplike Werk: Forensiese praktyk

## **BYLAAG F: ONDERHOUDSKEDULE**



September 2014

### **TITEL:**

***Die psigososiale behoeftes van maatskaplike werkers tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders***

**NAVORSINGSTUDIE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT**

**Semi-gestruktureerde onderhoudvoering** sal as data-insamelingsmetode gebruik word.

Die volgende vrae wat tydens die studie gestel sal word, is die volgende:

**Vraag 1** *Wat het jy nodig om jou rol as maatskaplike werker tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders, te vervul?*

**Vraag 2** *Watter psigososiale behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 2a** *Watter emosionele behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 2b** *Watter sosiale behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 2c** *Watter fisiese behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 2d** *Watter kulturele behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 2e** *Watter geestelike behoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 3** *Watter kennis/opleidingsbehoeftes ervaar jy tydens ondersoeke na die seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 4** *Watter leemtes kan jy identifiseer in jou rol as maatskaplike werker tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders?*

**Vraag 5** Watter aanbevelings kan jy vir jou en die organisasie maak om behoeftes tydens ondersoeke na seksuele misbruik van kinders te bevredig?

**Question 1** *What do you need to fulfil your role as a social worker during investigations of child sexual abuse?*

**Question 2** *What psychosocial needs do you experience during investigations of child sexual abuse?*

**Question 2a** *What emotional needs do you experience during investigations of child sexual abuse?*

**Question 2b** *What social needs do you experience during investigations of child sexual abuse?*

**Question 2c** *What physical needs do you experience during investigations of child sexual abuse?*

**Question 2d** *What cultural needs do you experiences during investigations of child sexual abuse?*

**Question 2e** *What spiritual needs do you experience during investigations of child sexual abuse?*

**Question 3** *What needs of knowledge or training do you have during investigations of child sexual abuse?*

**Question 4** *In your role as a social worker, what limitations can you identify during investigations of child sexual abuse?*

**Question 5** *What recommendations can be made for you as a social worker as well as for the organization during investigations of child sexual abuse?*

**BYLAAG G: ETIESE GOEDKEURING**

(Sien skrywe aangeheg)

**BYLAAG H: TAALVERSORGING**

(Sien skrywe aangeheg)

**LYS VAN TABELLE****TABEL 1: VERTROUENSWAARDIGHEID****TABEL 2: DORP EN AANTAL DEELNEMERS****TABEL 3: OUDERDOM EN GESLAG****TABEL 4: KWALIFIKASIE EN TYDPERK VAN WERKSONDERVINDING****TABEL 5: TEMAS EN SUBTEMAS**